

**Lewenspolisse, huwelike binne gemeenskap van goed en die berekening van
boedelbelasting**

Skripsie voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister Legum aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom kampus)

deur

Yolandi van Vuuren
20243596

Studieleier: Mnr H Kloppers
November 2010

Inhoudsopgawe

| | |
|---|-----|
| English summary..... | iii |
| Afrikaans opsomming..... | iv |
| 1 Inleiding..... | 1 |
| 2 Definisies..... | 2 |
| 2.1 Eksekuteur | 2 |
| 2.2 Versekerde | 3 |
| 2.3 Lewenspolis..... | 4 |
| 2.4 Gade..... | 5 |
| 2.5 Huwelik binne gemeenskap van goed | 6 |
| 2.6 Eiendom en geagte eiendom ingevolge die Boedelbelastingwet..... | 9 |
| 2.6.1 Eiendom in terme van die Boedelbelastingwet..... | 9 |
| 2.6.2 Geagte eiendom in terme van die Boedelbelastingwet..... | 10 |
| 2.6.3 Polisse vrygestel van boedelbelasting..... | 11 |
| 2.6.4 Samevatting | 12 |
| 3 Die reflekering van lewenspolisse in die boedel van die oorledene | 12 |
| 3.1 Reflekering van lewenspolisse in die likwidasierekening..... | 13 |
| 3.1.1 Polisse met 'n begunstigde benoeming | 14 |
| 3.1.2 Polisse met geen begunstigde benoeming..... | 15 |
| 3.2 Reflekering van lewenspolisse in die boedelbelastingopgawe | 16 |
| 3.3 Samevatting | 17 |
| 4 Hantering van lewenspolisse by huwelike binne gemeenskap van goed..... | 18 |
| 4.1 Teenstrydige uitsprake oor die hantering van lewenspolisse | 19 |
| 4.1.1 Polisopbrengs nie 'n bate in versekerde se boedel | 19 |
| 4.1.2 Polisopbrengs 'n bate in versekerde se boedel | 27 |
| 4.2 Samevatting | 30 |
| 5 <i>Draft Revenue Laws Amendment Bill, 2008</i> | 31 |
| 6 Gevolgtrekking | 32 |

| | | |
|-----|-------------------------------------|----|
| 7 | Bibliografie | 35 |
| 7.1 | Boeke | 35 |
| 7.2 | Artikels..... | 39 |
| 7.3 | Proefskrifte en verhandelings | 42 |
| 7.4 | Internetbronne | 42 |
| 7.5 | Regspraak..... | 43 |
| 7.6 | Wetgewing..... | 46 |

English summary

Life policies, marriage in community of property and the calculation of estate duty

The treatment of life insurance policies in deceased estates and the effect thereof on marriages in community of property is the cause of various problems for executors. In terms of section 3(3) of the *Estate Duty Act* 45 of 1955 life insurance policies are deemed to be assets of the deceased. Consequently life insurance policies are reflected in the estate duty addendum of the deceased estate.

Life insurance policies however are not always reflected in the liquidation account of the deceased estate as assets, notwithstanding the fact that life insurance policies are deemed to be assets for estate duty purposes. In this regard a distinction should be made between two situations: firstly where life insurance policies are reflected in the liquidation account of the insured estate and secondly where life insurance policies are not reflected in the liquidation account of the insured.

For spouses married in community of property this creates a problem especially when you keep in mind that life insurance policies are in many instances a person's biggest monetary asset. When life insurance policies are reflected in the liquidation account of the insured, the surviving spouse has a claim on half of the policy proceeds. When life insurance policies are not reflected in the liquidation account of the insured, the surviving spouse has no claim on the policy proceeds.

The problem that arises in this regard is that there is no certainty as to what extent life insurance policies should be included in the calculation of estate duty, and how these policies must be reflected in the estate of the deceased. This uncertainty has been perpetuated by courts. This research will illustrate how the courts came to different conclusions where the facts were more or less similar.

Keywords: Life insurance policies, policy proceeds; marriage in community of property; estate duty.

Afrikaans opsomming

Lewenspolisse, huwelike binne gemeenskap van goed en die berekening van boedelbelasting

Die hantering van lewenspolisse in bestorwe boedels en die effek daarvan op huwelike binne gemeenskap van goed veroorsaak verskeie probleme vir eksekuteurs. Ingevolge artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 is lewenspolisse geagte eiendom van die oorledene. Gevolglik word lewenspolisse in die boedelbelastingopgawe van die oorledene se boedel gereflekteer.

Lewenspolisse word egter nie altyd as eiendom in die likwidasierekening van die oorledene se boedel gereflekteer nie, ten spyte daarvan dat lewenspolisse geagte eiendom vir boedelbelasting doeleindes is. In die verband word daar tussen twee situasies onderskei: eerstens waar die lewenspolis in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word en tweedens waar die polis nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word nie.

Vir gades binne gemeenskap van goed getroud hou die reflektering van polisse groot finansiële gevolge in, veral wanneer daar in ag geneem word dat lewenspolisse in baie gevalle gades se grootste geldelike bate is. Wanneer lewenspolisse in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word, is die langsliewende gade geregtig op die helfte van die polisopbrengs. Wanneer lewenspolisse nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word nie, is die langsliewende gade nie geregtig op enige deel van die polisopbrengs nie.

Die probleem wat in die verband ontstaan is dat daar geen sekerheid bestaan oor tot watter mate die opbrengs van lewenspolisse ingesluit moet word by die berekening van boedelbelasting nie, en hoe hierdie polisse in die boedel van die oorledene gereflekteer moet word nie. Die onsekerheid blyk duidelik uit gesag. Die navorsingstudie sal aandui hoe hoewe tot verskillende gevolgtrekkings gekom het waar feite baie dieselfde was.

Sleutelwoorde: lewenspolis; polisopbrengs; huwelik binne gemeenskap van goed; boedelbelasting.

1 Inleiding

By die bereddering van boedels van persone binne gemeenskap van goed getroud, word eksekuteurs telkens gekonfronteer met die vraag: tot watter mate moet die opbrengs van lewenspolisse ingesluit word by die berekening van boedelbelasting, en hoe word hierdie polisse gereflekteer in die boedel van die oorledene?

Wanneer 'n lewenspolis uitgeneem word, is daar verskeie opsies met betrekking tot die opbrengs van die polis. Die versekerde (daar word vir doeleindes van hierdie navorsing aanvaar dat die versekerde ook die eienaar van die polis is) het die opsie om geen begunstigde aan te wys nie. In die geval sal die opbrengs deur die boedel van die versekerde by sy afsterwe vloei en in die likwidasierekening gereflekteer word.

Die tweede opsie is om 'n begunstigde vir die polisopbrengs te nomineer. In hierdie geval sal die polisopbrengs direk aan die begunstigde betaal word en sal die opbrengs nie in die likwidasierekening gereflekteer word nie. Die begunstigde kan in hierdie geval enige persoon of entiteit wees. Dit sluit byvoorbeeld die langsliewende gade of *inter vivos* trust ensovoorts in.¹

In beide bogenoemde situasies word die polisopbrengs wel as 'n geagte bate beskou in die boedelbelastingopgawe, wat deur die eksekuteur voltooi moet word en aan SARS verskaf moet word.² Met geagte bate word bedoel dat regte en bates wat nie oor die algemeen as 'n persoon se eiendom bestempel word nie, geag word eiendom van 'n persoon te wees vir boedelbelasting doeleindes.³

Laasgenoemde het 'n effek by die berekening van boedelbelasting met spesifieke verwysing na persone binne gemeenskap van goed getroud.⁴ By die berekening van die langsliewende gade se helfte word die opbrengs van lewenspolisse soms buite rekening gelaat. Die rede hiervoor is dat hierdie tipe polisse onder artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet* geklassifiseer word as geagte eiendom.

1 Sien p 3.1.1 in die verband. Muller E "The treatment of life insurance policies in deceased estates with a perspective on the calculation of estate duty" 2006 *THRHR* 261. Die eienaar van die lewenspolis is nie noodwendig die persoon wie se lewe verseker is in terme van die versekeringskontrak nie. Die eienaar is die persoon wat voldoening aan die kant van die versekeraar kan afdwing. In die navorsing sal daar na die eienaar van die lewenspolis verwys word as die "versekerde". Dit is belangrik om te onthou dat waar die versekerde nie ook die eienaar van die lewenspolis is nie, slegs die eienaar van die lewenspolis en nie die versekerde ook nie, 'n begunstigde kan nomineer.

2 Sien a 7 van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 (hierna *Boedelbelastingwet*).

3 Sien p 2.6.2 en p 3.2 in die verband.

4 Sien p 4 in die verband.

Na aanleiding van bogenoemde wil dit voorkom asof 'n persoon wat binne gemeenskap van goed getroud is, moontlik boedelbelasting voordele kan put deur bloot sy polisopbrengs te begunstig of nie. Hierdie skripsie gaan poog om die moontlike onsekerheid wat bestaan ten opsigte van die hantering van polisvoordele by huwelike binne gemeenskap van goed op te klaar en om aanbevelings te maak vir toekomstige boedelbeplanning waar sulke voordele van toepassing is.

Die probleem gaan soos volg aangespreek word. Daar sal eerstens gekyk word in paragraaf 2 na die toepaslike definisies waarvan kennis geneem moet word in die navorsingstudie. In paragraaf 3 sal daar na die huidige posisie van die reflektering van lewenspolisse in die versekerde se boedel gekyk word.

Paragraaf 4 sal fokus op die hantering van lewenspolisse in die geval waar die polisopbrengs in die boedel van die versekerde getoon word en ook waar die polisopbrengs nie in die boedel van die versekerde getoon word nie. Vrae wat uit die vorige paragrawe ontstaan sal ook hier aangespreek word. In paragraaf 5 sal daar na 'n voorstel wat in die *Draft Revenue Laws Amendment Bill, 2008* gemaak is gekyk word as 'n moontlike oplossing vir die hantering van lewenspolisse.

2 Definisies

In die voorafgaande is daar na verskeie konsepte verwys wat verdere opheldering nodig het alvorens voortgegaan word om die probleemstelling aan te spreek. Die volgende paragrawe sal 'n verduideliking verskaf van die relevante konsepte soos: eksekuteur, versekerde, lewenspolis, gade, eiendom ensovoorts.

2.1 Eksekuteur

Artikel 1 van die *Boedelwet*⁵ omskryf 'n eksekuteur soos volg:

Iemand wat ingevolge 'n eksekuteursbrief deur 'n Meester uitgereik of deur hom onder sy ampseël onderteken, of ingevolge 'n endossement kragtens artikel *vyftien* aangebring, gemagtig word om op te tree.

5 66 van 1965 (hierna *Boedelwet*).

In die *Boedelbelastingwet* word eksekuteur soos volg omskryf:

Iemand aan wie briewe van administrasie of 'n eksekuteursbrief ten opsigte van die boedel van 'n afgestorwe persoon ingevolge 'n wetsbepaling met betrekking tot die administrasie van boedels deur 'n Meester uitgereik is of wie se aanstelling as geassumeerde eksekuteur van so 'n boedel deur 'n Meester ingevolge so 'n wetsbepaling geëndosseer is of wat so 'n boedel ingevolge 'n opdrag van 'n Meester beredder of verdeel, en ook iemand wat uit hoofde van briewe van administrasie of 'n eksekuteursbrief wat buite die Republiek uitgereik maar deur 'n Meester vir gebruik in die Republiek onder sy ampseël onderteken is, optree of gemagtig word om op te tree en, in 'n geval waar die boedel nie onder toesig van die Meester geadministreer hoef te word nie, die persoon wat die boedel administreer.⁶

'n Eksekuteur word deur die Meester van die Hoë Hof aangestel vir die bereddering van die oorledene se boedel.⁷ Die eksekuteur vir doeleindes van die navorsing, is die persoon wat die versekerde se boedel gaan beredder en verantwoordelik is vir die behoorlike uitvoering van die beredderingsproses.

Aangesien die eksekuteur eers in sy amp aangestel word na die afsterwe van die versekerde lewe, verrig die eksekuteur geen funksie tydens die versekerde se lewe nie. Die eksekuteur sal na die afsterwe van die versekerde beheer neem van die versekerde se boedelbates, die laste betaal en legate en erflatings ensovoorts uitkeer.⁸

2.2 Versekerde

Die versekerde is die persoon wie se lewe in terme van die versekeringskontrak verseker word. Versekerde lewe word in die *Langtermynversekeringswet*⁹ soos volg omskryf:

Die persoon of ongeborene op wie se lewe, of op die funksionele vermoë of gesondheid van wie se gees of liggaam, 'n langtermynpolis betrekking het.¹⁰

6 A 1 *Boedelbelastingwet*.

7 Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 7e uitg (Proplus Pretoria 2008) 98-101: 'n Eksekuteur kan op twee wyses aangestel word naamlik: eksekuteur testamentêr en eksekuteur datief. Eersgenoemde is wanneer die eksekuteur in die testament van die oorledene tot eksekuteur van die oorledene se boedel benoem is, sien a 14 van die *Boedelwet*. Eksekuteur datief is 'n persoon wat deur die Meester aangestel word as eksekuteur van die oorledene se boedel, sien a 18 van die *Boedelwet*. Die eksekuteur moet kragtens 'n eksekuteursbrief aangestel word en deur die Meester tot eksekuteur benoem word. Die Meester sal nie 'n eksekuteursbrief uitreik ten gunste van die eksekuteur nie, alvorens die eksekuteur die volgende dokumente by die Meester ingehandig het nie: sterfkennis, oorspronklike testament, inventaris, aanneming van eksekuteurskap in tweevoud en bewys van sekerheidstelling, waar van toepassing.

8 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 56, 98. Sien ook Abrie W ea *Boedels, Beplanning en Bereddering* (Proplus Pretoria 1991) 168-200; Geach WD *Handbook for Executors, Trustees and Curators* (Juta Kaapstad 1993); Swart JN ea *Die Beplanning en Bereddering van Boedels – 'n Inleiding* (Butterworths Durban 1985) 40.

9 52 van 1998 (hierna *Langtermynversekeringswet*).

10 Sien a 1 *Langtermynversekeringswet*. Sien ook Goodall B en King R *Tax & Investments Easyguide* (LexisNexis Durban 2005/2006) 189.

Wanneer daar vir doeleindes van hierdie navorsing na die oorledene verwys word, word daar aanvaar dat die oorledene ook die versekerde in terme van die lewenspolis was.

'n Versekerde nomineer dikwels 'n derde as begunstigde van die polisopbrengs betaalbaar by die versekerde se afsterwe.¹¹ 'n Derde kan 'n gade, kinders, 'n vreemdeling, trust ensovoorts van die versekerde wees.¹² Vir doeleindes van die navorsing sal 'n derde, as begunstigde, geag word enige persoon te wees wat deur die versekerde genomineer is as begunstigde van die polisopbrengs ingevolge die versekeringskontrak.

Soos reeds hierbo vermeld is die versekerde die persoon wie se lewe in terme van die versekeringskontrak verseker word. 'n Versekeringskontrak kom tot stand wanneer daar voldoen is aan al die vereistes vir 'n geldige kontrak.¹³ 'n Versekeringskontrak word soos volg omskryf:

An undertaking by an insurer to assume the risk of harm of loss and, on the occurrence of the defined insured event, to render the promised benefit in the form of compensation whether by way of indemnity or satisfaction; an interest by the policyholder, deemed by law to be worthy of protection, in the non-occurrence of the insured event; a provision for payment of a premium (or premiums) geared to the nature of risk assumed by the insurer; and an insured event which is uncertain either as to the fact or the timing or its occurrence.¹⁴

Wanneer enige van bogenoemde vereistes afwesig is, is die kontrak nie 'n versekeringskontrak nie.¹⁵

2.3 Lewenspolis

Lewenspolis word in artikel 1 van die *Langtermynversekeringswet* soos volg omskryf:

11 Sien Muller 2006 *THRHR* 261; Sonnekus JC "Enkele opmerkings om die beding ten behoeve van 'n derde" 1999 *TSAR* 594-629; Henckert H "The life assurance policy, beneficiary clauses and marriage: a few aspects" 1994 *TSAR* 513-525; Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 189.

12 Nienaber PM en Reinecke MFB *Life Insurance in South Africa A compendium* (LexisNexis Durban 2009) 215; Reinecke MFB *ea General principles of insurance law* (LexisNexis Durban 2002) 440.

13 Nienaber en Reinecke *Life insurance in SA* 15-19. Die partye wat die kontrak sluit moet wilsooreenstemming hê, handelingsbevoeg wees en voldoen aan die algemene formaliteitesvereistes vir 'n geldige kontrak. Die kontrak moet verder wettig wees en die bepalinge in die kontrak moet moontlik en uitvoerbaar wees. Reinecke *ea General principles of insurance law* 100, 437. Sien ook *Lake v Reinsurance Corp Ltd* 1967 3 SA 124 (W).

14 Nienaber en Reinecke *Life insurance in SA* 6-7.

15 Sien ook *Lake v Reinsurance Corporation Ltd* 1967 3 SA 124 (W); Reinecke *ea General Principles of Insurance Law* 3; *Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guar (Pty) Ltd* 1972 1 SA 478 (W) 480G; Davis DM *Gordon and Getz on the South African law of insurance* 4e uitg (Juta Kaapstad 1993) 80.

'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om- polisvoordele te verskaf by, en uitsluitlik as gevolg van, 'n Lewensgebeurtenis; of 'n annuïteit vir 'n tydperk te betaal; en ook 'n herversekeringpolis ten opsigte van so 'n kontrak.¹⁶

Lewensgebeurtenis word verder in die *Langtermynversekeringswet* soos volg omskryf:

Die gebeurtenis waar die lewe van 'n persoon of ongeborene-

- (a) 'n aanvang geneem het;
- (b) voortduur;
- (c) vir 'n tydperk voortgeduur het; of
- (d) geëindig het;

Vir doeleindes van die navorsing sal die omskrywing van lewenspolis beperk word tot lewenspolisse uitgeneem op die lewe van die versekerde, om uitbetaal te word by die versekerde se afsterwe.¹⁷

Dit is nie die lewenspolis self wat uitbetaal word aan die benoemde begunstigde nie, maar die polisvoordele soos ooreengekom in die versekeringskontrak. Polisvoordele is "een of meer somme geld, dienste of ander voordele, met inbegrip van 'n annuïteit".¹⁸ Vir doeleindes van die navorsing sal daar na polisvoordele verwys word as die polisopbrengs.

2.4 Gade

In die navorsing word daar gefokus op die werking van lewenspolisse in die geval van persone binne gemeenskap van goed getroud. Dit is gevolglik belangrik om na die definisie van gade en huwelike binne gemeenskap van goed te kyk. Gade word in die *Boedelbelastingwet* soos volg omskryf:

Gade, met betrekking tot 'n oorlede persoon, ook 'n persoon wat op die tydstip van dood van bedoelde oorlede persoon die maat van daardie persoon was-

- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis wat ingevolge die wette van die Republiek erken word;
- (b) in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst as 'n huwelik erken word; of
- (c) in 'n selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel is om permanent te wees: Met dien verstande dat, by gebrek aan bewys tot die teendeel, 'n

16 A 1 *Langtermynversekeringswet*. Sien ook Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 195; Van der Lip T *Beneficiary nominations on life insurance contracts and the insolvent deceased estate* (LLM-skripsie Potchefstroomse Universiteit 2001) 5. Sien in die algemeen Nienaber en Reinecke *Life Insurance in SA*.

17 Davis Gordon and Getz *The SA law of insurance* 321. Muller 2006 *THRHR* 260.

18 A 1 *Langtermynversekeringswet*. Sien ook Reinecke *ea General Principles of Insurance Law* 436; Muller 2006 *THRHR* 262.

huwelik of verbintenis in paragraaf (b) of (c) beoog geag word 'n huwelik of verbintenis buite gemeenskap van goed te wees.¹⁹

Net soos bogenoemde definisie sal gade vir doeleindes van die studie wyd geïnterpreteer word. Gade sal geag word enige persoon te wees met wie die versekerde in 'n wettige huwelik of gewoonteverbintenis is, of in 'n homoseksuele verhouding is of met wie die versekerde geag getroud te wees ingevolge die leerstellings van enige godsdiens.²⁰

2.5 Huwelik binne gemeenskap van goed

In die navorsingstudie word spesifiek gehandel met huwelike binne gemeenskap van goed.²¹ Huwelike binne gemeenskap van goed beteken dat die twee gades se afsonderlike boedels outomaties een gemeenskaplike boedel vorm by huweliksluiting.²² Behoudens enkele uitsonderings veronderstel 'n gemeenskaplike boedel, dat partye 'n halwe onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike boedel verkry.²³ Die halwe aandeel in die gemeenskaplike boedel is onverdeelde en ondeelbaar.²⁴

Artikel 15(1) van die *Wet op Huwelikgoedere* bepaal soos volg:

Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (7) kan 'n gade in 'n huwelik in gemeenskap van goed sonder die toestemming van die ander gade enige regshandeling met betrekking tot die gemeenskaplike boedel verrig.

Artikel 15(2)(c) van die *Wet op Huwelikgoedere* bepaal soos volg:

-
- 19 A 1 *Boedelbelastingwet*. Sien ook Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 146 en a 1 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 (hierna *Inkomstebelastingwet*).
- 20 Sien ook *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH); Dendy M "Succession rights" November 2009 *De Rebus* 52-53.
- 21 Die navorsingstudie is uitsluitlik gebaseer op huwelike binne gemeenskap van goed en nie ook op huwelike buite gemeenskap van goed nie.
- 22 Sien ook *Distillers Corporation Ltd v Modise* 2001 4 SA 1071 (O); *Amalgamated Bank of South Africa Bpk v Lydenburg Passasiersdienste BK* 1995 3 SA 314 (T); *Bopape v Moloto* 1999 4 All SA 277 (T), 2000 1 SA 383 (T); *Nedbank v Van Zyl* 1990 2 SA 469 (A); *Abrie ea Bestorwe Boedels* 9-10.
- 23 Sien a 15(2), 15(3) en 15(7) van die *Wet op Huwelikgoedere* 88 van 1984 (hierna *Wet op Huwelikgoedere*). Vir sekere transaksies is informele toestemming voldoende, in ander gevalle word skriftelike toestemming vereis deur gades vir 'n geldige transaksies. Sekere transaksie van gades binne gemeenskap van goed kan onafhanklik van die ander gade aangegaan word. Sien ook Robinson JA *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 4de uitg (Printing things drukkers Potchefstroom 2009) 161-165; Van Aswegen "Uitgeslote bates by huwelik onderworpe aan aanwasbedeling" 1987 *De Rebus* 151- 153; Van Wyk AH "Gemeenskap van goedere en aanwasbedeling volgens die *Wet op Huwelikgoedere*, 1984" 1985 *De Rebus* 20-23; *Van der Merwe v Van Wyk* 1921 EDL 298; *Barnett v Rudman* 1934 AD 203. Botha M en Oosthuizen W "Marriage in community of property: Estate duty treatment of insurance policy owned by joint estate" September 2009 *Insurance and tax* 1.
- 24 A 14 *Wet op Huwelikgoedere*. Visser PJ en Potgieter JM *Inleiding tot die familiereg* 2e uitg (Juta Kaapstad 1998) 95; *Estate Sayle v CIR* 1945 AD 388; *Ex parte Menzies et Uxor* 1993 3 SA 799 (K) 811; Robinson *Inleiding tot die SA Familiereg* 146-147. Sien ook Henckert 1994 *TSAR* 516.

'n Gade mag nie sonder die skriftelike toestemming van die ander gade- enige aandele, effekte, obligasies, skuldbriewe, *versekeringspolisse*, verbande, vaste deposito's of enige dergelike bates, of 'n belegging deur of ten behoeve van die ander gade in 'n finansiële instelling, wat deel van die gemeenskaplike boedel uitmaak, *vervreem*, *sedeer* of *verpand* nie (eie kursivering).

Artikel 15(2)(c) bepaal uitdruklik "... vervaem, sedeer of verpand ...".²⁵ Dit wil gevolglik voorkom dat dit nie die bedoeling van die wetgewer was om "begunstig" by die artikel in te sluit nie. Daar kan gevolglik nie gesê word dat die skriftelike toestemming van beide gades vereis word wanneer die polisopbrengs van 'n versekeringspolis begunstig word aan 'n derde nie. In praktyk word beide gades se skriftelike toestemming ook nie altyd vereis nie.²⁶

Selfs indien 'n versekeringspolis vervaem, sedeer of verpand word, beteken dit nie noodwendig dat die langlewende gade, binne gemeenskap van goed getroud, beskerm word nie. Artikel 15(6) van die *Wet op Huweliksgoedere* bepaal soos volg:

Die bepalings van paragrawe (b), (c), (f), (g) en (h) van subartikel (2) is nie van toepassing nie waar 'n handeling in daardie paragrawe beoog deur 'n gade in die gewone loop van sy beroep, bedryf of besigheid verrig word.

Dit wil sê 'n gade kan 'n lewenspolis vrylik uitneem op sy lewe in die gewone loop van sy beroep, bedryf of besigheid sonder die ander gade se toestemming. Weens die rede dat beide gades se toestemming nie 'n vereiste is nie, kan so 'n polis tot die nadeel van die langlewende gade wees, waar die premies van die lewenspolis uit die gemeenskaplike boedel betaal word.

Artikel 15(3)(c) van die *Wet op Huweliksgoedere* bepaal soos volg:

25 In verband met sessie sien: Shulze H "Cession" Mei 2010 *De Rebus* 36-37; *Momentum Group Ltd v Van Staden NO and Another* 2010 2 SA 135 (HHA); *Van Staden NO and Another v FirstRand Ltd and Another* 2008 3 SA 530 (T); Van der Merwe S *ea Kontraktereg Algemene Beginsels* 3de uitg (Juta Kaapstad 2007) 475-541. Die *Wet op Huweliksgoedere* omskryf nie die betekenis van die woord vervaem nie. Odendal FF en Gouws RH *Verklaarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 5e uitg (Pearson Education South Africa Kaapstad 2005) 1305 omskryf die begrip vervaem as iets wat verkoop word of na 'n ander oorgedra word. Die *Wet op Vervreemding van Grond* 68 van 1981 omskryf in artikel 1 die begrip vervaem soos volg: "met betrekking tot grond, verkoop, ruil of skenk, ongeag of so 'n verkoping, ruil of skenking onderworpe is aan 'n opskortende of ontbindende voorwaarde, en het "vervreemding" 'n ooreenstemmende betekenis". Na aanleiding van die omskrywings van die begrip vervaem wil dit voorkom dat die begrip vervaem en begunstig nie dieselfde betekenis tot gevolg het nie. Wanneer iets vervaem word, is daar wilsooreenstemming tussen twee partye. In die geval waar 'n persoon 'n begunstigde nomineer om voordele te ontvang, weet die begunstigde nie noodwendig van die voordele ten gunste van hom nie. Die versekerde wat die begunstigde nomineer wil die derde bevoordeel, in die geval waar 'n bate vervaem word is dit ook nie noodwendig die doel van die persoon wat die bate vervaem om die ander persoon te bevoordeel nie, maar eerder homself.

26 Sien bv begunstigde vorms van Sanlam en PPS (Professional Provident Society Limited)

'n Gade mag nie sonder die toestemming van die ander gade- enige bate van die gemeenskaplike boedel aan 'n ander persoon skenk of dit sonder teenwaarde vervreem nie, uitgesonderd 'n bate waarvan die skenking of vervreemding nie die belang van die ander gade in die gemeenskaplike boedel onredelik benadeel of waarskynlik nie aldus sal benadeel nie, en wat nie in stryd met die bepaling van subartikel (2) of paragraaf (a) van hierdie subartikel is nie.²⁷

Wanneer 'n versekeringspolis aan 'n derde begunstig word, kan daar geargumenteer word dat daar 'n skenking of 'n vervreemding sonder teenwaarde is.²⁸ Wanneer een van die gades se toestemming nie verkry is nie, moet die gade wat beweer dat die skenking of vervreemding haar belang in die gemeenskaplike boedel onredelik benadeel of waarskynlik sal benadeel, dit bewys. Wanneer die gade nie onredelikheid aan die kant van die ander gade kan bewys nie, is die toestemming van die eersgenoemde gade nie 'n vereiste nie.²⁹

Artikel 15(8) van die *Wet op Huweliksgoedere* bepaal faktore wat in ag geneem sal word om te bepaal of die optrede van 'n gade onredelik was.

By die bepaling daarvan of 'n skenking of vervreemding beoog in subartikel (3)(c) nie die ander gade se belang in die gemeenskaplike boedel onredelik benadeel nie of waarskynlik nie aldus sal benadeel nie, moet die hof die waarde van die goed wat geskenk of vervreem is, die rede vir die skenking of vervreemding, die finansiële en sosiale stand van die gades, hul lewenspeil en enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word, in ag neem.

Bogenoemde faktore plaas 'n moeilike bewyslas op die gade wat beweer dat haar belang in die gemeenskaplike boedel benadeel is. Verder word slegs informele toestemming vereis in die geval van artikel 15(3)(c). Skriftelike toestemming is gevolglik nie 'n vereiste wat beteken dat waar die versekerde te sterwe kom die bewyslas op die langslewende gade dat geen informele toestemming verkry is nie, baie moeilik gaan wees.

Artikel 15(9)(a) van die *Wet op Huweliksgoedere* bepaal verder soos volg:

27 Die *Boedelbelastingwet* omskryf nie die betekenis van "skenking" nie. Daar word sodoende na die gemeenregtelike betekenis van "skenking" gekyk. 'n Skenking kan soos volg omskryf word: "n kontrak waarkragtens die skenker uit blote vrygewigheid aan die begiftigde eiendom skenk sonder enige vorm van teenprestasie" [Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Pretoria 1991) 55]. Sien ook *Avis v Verseput* 1943 AD 331 336 en *CIR v Estate Late Hulett* 1990 2 SA 786 (A).

28 A 55(1) van die *Inkomstebelastingwet* omskryf skenking soos volg: "n gratis oormaking van eiendom, en ook 'n gratis afstanddoening van 'n reg". A 56 van die *Inkomstebelastingwet* bevat egter vrystellings wat nie onderworpe is aan skenkingsbelasting nie. A 56(1)(d) bepaal soos volg: "ingevolge waarvan die begiftigde geen voordeel voor die dood van die skenker daaruit sal ontvang nie", dit wil sê indien die begunstigde geen reg verkry voor die versekerde se afsterwe nie, sal die polisopbrengs nie geag word 'n skenking ten gunste van die begunstigde te wees nie. Waar die begunstigde reeds voor die versekerde se afsterwe regte in die polis verkry kan daar geargumenteer word dat daar 'n skenking ten gunste van die begunstigde plaasgevind het. Sien ook Stigling M ea *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* (LexisNexis Durban 2009) 708-710.

29 Henckert 1994 *TSAR* 518-519.

Wanneer 'n gade in stryd met die bepaling van subartikel (2) of (3) van hierdie artikel, of 'n bevel kragtens artikel 16(2), 'n transaksie met 'n persoon aangaan en- (a) die persoon nie weet en redelikerwys kan weet dat die transaksie in stryd met daardie bepalings of bevel aangegaan word nie, word daar geag dat die betrokke transaksie aangegaan is met die toestemming wat ingevolge genoemde subartikel (2) of (3) vereis word, of terwyl die betrokke bevoegdheid van die gade nie opgeskort was nie, na gelang van die geval.

Dit beteken dat selfs waar die gade nie die nodige toestemming van sy eggenoot verkry het nie, maar steeds die polisopbrengs geskenk of vervreem het sonder teenwaarde, en die derde party nie bewus daarvan was dat die gade nie sy eggenoot se toestemming verkry het nie, sal daar ingevolge die artikel geag word dat die gade wel die nodige toestemming verkry het.

Die blyk duidelik uit bogenoemde dat die belang van derdes om bates van die gemeenskaplike boedel te verkry swaarder weeg as die van die onskuldige gade. Die *Wet op Huweliksgoedere* verleen in werklikheid geen remedie vir die onskuldige gade nie. Die gemeenregtelike remedie, die *actio pauliana utilis*, is nie 'n gepaste remedie nie omrede die onskuldige gade bedrog aan die kant van haar eggenoot moet bewys en deurdat die remedie eers beskikbaar is na die verdeling van die gemeenskaplike boedel.³⁰

2.6 Eiendom en geagte eiendom ingevolge die Boedelbelastingwet

Uit die inleiding het dit duidelik geblyk dat daar twee konsepte is wat van uiterste belang by die bereddering van boedels is, naamlik die onderskeid tussen eiendom en geagte eiendom. Ingevolge artikel 3(1) van die *Boedelbelastingwet* bestaan 'n persoon se boedel uit al die eiendom van daardie persoon by sy afsterwe, sowel eiendom wat ingevolge die *Boedelbelastingwet* geag word eiendom van daardie persoon te wees by sy afsterwe.³¹ 'n Persoon word belas op eiendom en geagte eiendom ingevolge die *Boedelbelastingwet*.³² Daar moet bepaal word of 'n lewenspolis eiendom of geagte eiendom ingevolge die *Boedelbelastingwet* is.

2.6.1 Eiendom in terme van die Boedelbelastingwet

Artikel 3(2) van die *Boedelbelastingwet* omskryf eiendom soos volg:

30 Sien ook Singh D "Do until it dies: a critical examination of s 15 of the *Matrimonial Property Act* 88 of 1984" 1991 *De Rebus* 199-203; Henckert 1994 *TSAR* 517-518; Visser PJ en Potgieter JM *Skadevergoeding* 2e uitg (Juta Pretoria 2003) 6, 168.

31 Stigling *ea Silke* 865. Swart *ea Die Beplanning en Bereddering van Boedels – 'n Inleiding* 110.

32 A 3(1) *Boedelbelastingwet*.

- (2) Eiendom" beteken enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en ook-
- (a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg op eiendom (met inbegrip van 'n reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het;
- (b) enige reg op 'n jaargeld (behalwe 'n reg op 'n jaargeld waarmee enige goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het en wat by die dood van die oorledene aan iemand anders toegeval het,

Dit is duidelik uit bogenoemde definisie van eiendom, dat eiendom tasbare sowel as nie-tasbare eiendom insluit.³³ Eiendom sluit ook beperkte regte soos vruggebruik in.³⁴ Lewenspolis val nie binne die omskrywing van eiendom ingevolge artikel 3(2) van die *Boedelbelastingwet* nie. Daar gaan vervolgens na die omskrywing van geagte eiendom ingevolge artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet* gekyk word, om te bepaal of 'n lewenspolis kwalifiseer as geagte eiendom van die oorledene.

2.6.2 Geagte eiendom in terme van die *Boedelbelastingwet*

Eiendom wat geag word eiendom te wees van 'n oorledene word in artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet* verduidelik. Dit word geagte eiendom genoem omrede dit bestaan uit regte en bates wat nie onder normale omstandighede as 'n persoon se eiendom beskou word nie.³⁵ Artikel 3(3)(a) bepaal soos volg:

Eiendom wat geag word die eiendom van die oorledene te wees omvat- soveel van enige bedrag wat verskuldig en verhaalbaar is ingevolge 'n assuransiëpolis wat 'n "binnelandse polis" op die lewe van die oorledene is ...

Binnelandse polis word in die *Boedelbelastingwet* soos volg omskryf:

Enige lewenspolis in artikel 1 van die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet 52 van 1998), omskryf, waar ook al uitgereik op aansoek gedoen by of aangebied aan 'n verteenwoordiger van 'n versekeraar (of aan enige persoon namens so 'n verteenwoordiger) op enige plek in die Republiek, uitgesonderd 'n lewenspolis wat op versoek van die eienaar op 'n plek buite die Republiek betaalbaar gemaak is, maar met inbegrip van 'n lewenspolis buite die Republiek uitgereik wat daarna op versoek van die eienaar in die Republiek betaalbaar gemaak is.³⁶

33 *Abrie ea Bestorwe Boedels* 166. Tasbare eiendom is enige eiendom waaraan geraak kan word byvoorbeeld motorvoertuie, meubels ensovoorts. Nie-tasbare eiendom is byvoorbeeld opsies om grond in aandele te verkry, patente, klandisiewaarde ensovoorts. A3(2)(a), (b): vruggebruik, fidusiêre regte en sekere vorms van jaargelde word ook as eiendom geklassifiseer ingevolge die *Boedelbelastingwet*.

34 A 3(2) *Boedelbelastingwet*. Muller 2006 *THRHR* 271. Stigling *ea Silke* 867. Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 42; Swart *ea Die Beplanning en Bereddering van Boedels – 'n Inleiding* 110-115.

35 *Abrie ea Bestorwe Boedels* 168. Stigling *ea Silke* 867. Swart *ea Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 116-129. Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 43.

36 A 1 *Boedelbelastingwet*. Sien ook Vlok ED 2008 *Estate duty implications on buy-and-sell arrangements, where shares are held in trusts* www.sars.gov.za [datum van gebruik 5 November 2010]; Botha en

Uit bogenoemde omskrywing van binnelandse polis blyk dit dat 'n binnelandse polis, 'n polis is betaalbaar in Suid-Afrikaanse geldeenhede binne die Republiek. 'n Lewenspolis soos reeds vermeld in paragraaf 2.3 van hierdie studie word sodoende ingesluit by die omskrywing van binnelandse polis, mits betaalbaar in Suid-Afrikaanse geldeenhede binne die Republiek.³⁷ Dit wil sê lewenspolisse word geklassifiseer as geagte eiendom van die oorledene ingevolge die *Boedelbelastingwet*.

Artikel 3 van die *Boedelbelastingwet* gaan egter verder en bepaal drie vorme van polisse, waar die polisopbrengs by die afsterwe van die versekerde nie geag word eiendom van die oorledene te wees vir boedelbelastingdoeleindes nie.³⁸ Daar gaan vervolgens na die vorme van polisse gekyk word.

2.6.3 Polisse vrygestel van boedelbelasting

Binnelandse polisse word oor die algemeen geag eiendom van die oorledene te wees.³⁹ Daar is egter ingevolge die *Boedelbelastingwet* vorme van binnelandse polisse wat nie geag word die eiendom van die oorledene te wees nie. Dit is wanneer:

- 'n polis verhaalbaar is deur die langlewende gade of 'n kind van die oorledene ingevolge 'n voor- of na-huweliksvoorwaardekontrak.⁴⁰
- 'n verwantskap bestaan tussen die oorledene en 'n ander persoon (vennoot, mede-aandeelhouer of medelid) en daar die bedoeling is dat dié ander persoon die oorledene se belang by sy afsterwe moet verkry, en die oorledene geen premie op die polis betaal het nie.⁴¹

Oosthuizen Sept 2009 *Insurance and Tax 2*. Sien ook Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 146; Muller E *A framework for wealth transfer taxation in South Africa* (LLD Universiteit van Pretoria 2010) 190; Davis DM, Beneke C en Jooste RD *Estate Planning* (LexisNexis Durban 1998) p 2.4.2.1.

37 A 1 *Langtermynversekeringswet*.

38 A 3(a)(i) & (ii) van die *Boedelbelastingwet*. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 183. Abrie ea *Bestorwe Boedels* 169-170.

39 Sien p 2.6.2 in die verband.

40 A 3(3)(a)(i) van die *Boedelbelastingwet*. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 183. Abrie ea *Bestorwe Boedels* 169; Muller 2006 *THRHR* 271; Stigling *Silke* 867; Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 148; Muller *A framework for wealth transfer* 192; Wiechers WJ en Vorster I *Administration of Estates* (Butterworths Durban 2009) p 9.4.1; Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* p 2.4.2.2.

41 A 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet*. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 183. Abrie ea *Bestorwe Boedels* 170. Muller 2006 *THRHR* 271. Vlok 2008 www.sars.gov.za: Hierdie polis staan oor die algemeen bekend as die koop-en-verkoop polis. Sien ook Joffe H "The tax consequences of life insurance policies" Maart 2009 *De Rebus* 43-44; Stigling *Silke* 868; Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 148;

- die versekerde nie self 'n polis uitgeneem het nie en die premie betaal het nie, en waar die polisopbrengste nie betaalbaar is aan sy boedel, 'n familielid of afhanklike van die versekerde nie.⁴²

Na aanleiding van bogenoemde behoort dit duidelik te wees watter polisse vrygestel is van boedelbelasting. Bogenoemde polisse sal slegs vrygestel word indien aan al die vereistes voldoen is soos deur die *Boedelbelastingwet* bepaal.⁴³

2.6.4 Samevatting

Na aanleiding van bogenoemde is dit duidelik dat lewenspolisse geagte eiendom van die versekerde is. Daar is drie vorme van polisse wat vrygestel is van boedelbelasting soos bo verduidelik, maar lewenspolisse betaalbaar aan die versekerde se boedel of 'n derde val nie onder een van die uitsonderings nie.

Lewenspolisse word sodoende geag eiendom van die versekerde te wees op die datum van die versekerde se afsterwe vir doeleindes van artikel 3(3)(a) van die *Boedelbelastingwet*. Vervolgens gaan daar gekyk word hoe die opbrengs van lewenspolisse in die boedel van die oorledene gereflekteer word.

3 Die reflektoring van lewenspolisse in die boedel van die oorledene

Die eksekuteur van 'n persoon se boedel het 'n verpligting om 'n likwidasie- en distribusierekening⁴⁴ op te stel ooreenkomstig die *Boedelwet*⁴⁵ en die regulasies daarvolgens

Muller *A framework for wealth transfer* 192; Wiechers en Vorster *Administration of Estates* p 9.4.1; Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* p 2.4.2.2.

42 A 3(3)(a)(ii) van die *Boedelbelastingwet*. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 183. Abrie *ea Bestorwe Boedels* 170-171. Muller 2006 *THRHR* 271. Joffe 2009 *De Rebus* 1-4. Stigling *Silke* 868. Hierdie polis staan oor die algemeen bekend as die sleutelmanpolis. Sien ook Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 148; Wiechers en Vorster *Administration of Estates* p 9.4.1; Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning* p 2.4.2.2.

43 Abrie *ea Bestorwe Boedels* 171. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 183. Muller 2006 *THRHR* 271. Joffe 2009 *De Rebus* 1-4. Stigling *Silke* 868. Hierdie polis staan oor die algemeen bekend as die sleutelmanpolis.

44 Hierna die L&D rekening genoem. Sien ook a 1 van die *Boedelbelastingwet*: "die rekening wat ooreenkomstig artikel 35 van die *Boedelwet*, 1965 (Wet 66 van 1965), deur 'n eksekuteur by 'n Meester ingedien moet word of, waar die bepalings van artikel 68 van die *Boedelwet*, 1913 (Wet 24 van 1913), van toepassing is, die rekening wat ingevolge laasgenoemde artikel deur 'n eksekuteur by 'n Meester ingedien moet word".

45 A 35 van die *Boedelwet*.

gepromulgeer.⁴⁶ Die L&D rekening bestaan in terme van regulasie 5 van die *Boedelwet* uit die volgende sub-afdelings: likwidasierekening, distribusierekening, rekapitulatie-opgawe, inkomste- en uitgawerekening, fidusiêre baterekening, boedelbelastingopgawe en sertifikaat.⁴⁷ Die eksekuteur doen verslag by wyse van die L&D rekening oor die beredding en verdeling van die boedel.⁴⁸

In die likwidasierekening word al die eiendom van die oorledene gereflekteer.⁴⁹ Soos reeds vermeld in paragraaf 2 word lewenspolisse beskou as geagte eiendom van die oorledene. Lewenspolisse, anders as die uitsonderings in artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet*, word egter nie altyd in die likwidasierekening van die versekerde se boedel getoon nie.⁵⁰

Daar word in die verband onderskei tussen polisse uitgeneem op die versekerde se lewe waar die versekerde geen begunstigde benoem het nie, en waar die versekerde wel 'n begunstigde van die polisopbrengs benoem het.⁵¹

Laasgenoemde gaan aan die hand van die volgende voorbeeld verduidelik word. M en V is binne gemeenskap van goed getroud in 2005. M kom te sterwe in 2010. Op die tydstip van M se afsterwe is die netto waarde van die gemeenskaplike boedel R1 000 000,00. M het voor sy afsterwe 'n lewenspolis op sy lewe uitgeneem ter waarde van R4 000 000,00. Die premies van die lewenspolis is uit die gemeenskaplike boedel betaal.

3.1 Reflektering van lewenspolisse in die likwidasierekening

Soos verduidelik in paragraaf 2.6 is lewenspolisse geagte eiendom van die oorledene se boedel vir boedelbelasting doeleindes. Lewenspolisse word egter nie altyd in die likwidasierekening van die versekerde se boedel as eiendom gereflekteer nie, ten spyte daarvan dat lewenspolisse in die boedelbelastingopgawe van die versekerde se boedel as geagte eiendom getoon word. In die verband word daar onderskei tussen twee situasies naamlik: eerstens waar die versekerde 'n polis op sy lewe uitgeneem het en 'n derde as begunstigde benoem het en tweedens waar die versekerde 'n lewenspolis op sy lewe uitgeneem het en geen begunstigde benoem het nie.

46 Sien Abrie *ea Bestorwe Boedels* 164-171. Muller 2006 *THRHR* 265. Sien reg 5, bylae 4 van die *Boedelwet*. Sien ook a 35 van die *Boedelwet*. Abrie *ea Boedels Beplanning en Beredding* 206

47 Reg 5(1)(a) – 5(1)(i) bylae 4 van die *Boedelwet*.

48 Abrie *ea Bestorwe Boedel* 140. Sien in die algemeen Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators*

49 Reg 5(c) van die *Boedelwet*. Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 87.

50 Sien p 2.6.3 in die verband.

51 Muller 2006 *THRHR* 266.

3.1.1 Polisse met 'n begunstigde benoeming

Waar die versekerde 'n lewenspolis op sy lewe uitgeneem het, en 'n derde as begunstigde van die polis benoem het, word die polisopbrengs nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel getoon nie, maar wel in die boedelbelastingopgawe.⁵²

Dit is egter slegs die situasie waar die benoemde begunstigde die voordele ingevolge die lewenspolis adieer en nie repudieer nie.⁵³ Die voordeel daaraan indien 'n polis aan 'n derde, byvoorbeeld 'n trust begunstig word, is dat die polisopbrengs nie gebruik kan word om skuldeisers se eise teen die boedel te bevredig nie.⁵⁴ Die eksekuteur is ook nie op die eksekuteursfooie geregtig nie.⁵⁵

Gevolgtik waar M 'n derde as begunstigde van die lewenspolis benoem het, word die polisopbrengs nie in die likwidasierekening van M se boedel getoon nie, alhoewel die opbrengs vir boedelbelastingdoeleindes steeds in berekening gebring sal word.⁵⁶ V wat binne gemeenskap van goed getroud is met M sal sodoende geen voordeel ingevolge die polis ontvang nie, ten spyte van die huwelik binne gemeenskap van goed met M.⁵⁷ Die resultaat hiervan vir die langlewende gade kan soos volg geïllustreer word:

| | |
|------------------------|---------------|
| Gemeenskaplike boedel: | R1 000 000,00 |
| Versekerde se helfte: | R500 000,00 |

Die langlewende gade sal geregtig wees op R500 000,00 weens die huwelik binne gemeenskap van goed. Die opbrengs van die lewenspolis wat R4 000 000,00 is sal direk die begunstigde toeval.

Gevolgtik wil dit voorkom dat omrede die lewenspolis nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word nie, die eggenoot van die versekerde binne

52 *Abrie ea Bestorwe Boedels* 169; *Wiechers en Vorster Administration of Estates* p 9.4.1.

53 *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A). *Sonnekus JC "Delatio en Fallacia in die Hoogste Hof"* 2000 *TSAR* 793-808.

54 *Muller* 2006 *THRHR* 266.

55 *Muller* 2006 *THRHR* 266. *Abrie ea Bestorwe Boedels* 160: wanneer die polisopbrengs direk aan die begunstigdes uitbetaal word, hanteer die eksekuteur nie die gelde nie en ontvang die eksekuteur geen vergoeding daarop nie.

56 Dit is egter slegs die geval waar die begunstigde die voordele ingevolge die lewenspolis adieer.

57 'n Vraag wat na aanleiding hiervan ontstaan is: waarom is dit so? In p 4 waar daar met die hantering van lewenspolisse gehandel word, gaan gepoog word om 'n verduideliking te kry vir die vraag. Sien dus p 4 in die verband.

gemeenskap van goed met die versekerde getroud, nie geregtig sal wees op 'n deel van die polisopbrengs nie. Selfs al word die premies van die lewenspolis uit die gemeenskaplike boedel betaal.⁵⁸

3.1.2 *Polisse met geen begunstigde benoeming*

Na aanleiding van bogenoemde ontstaan die vraag: Wat is die posisie wanneer die lewenspolis geen begunstigde benoeming het nie? Dit is geykte reg dat wanneer die versekerde geen begunstigde benoem het nie, die polisopbrengs in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word.⁵⁹

Aan hand van die voorbeeld sal die opbrengs van die lewenspolis wel as eiendom van M gesien word. Die helfte van die polisopbrengs sal gevolglik aan V uit betaal word weens die huwelik binne gemeenskap van goed. Dit kan soos volg geïllustreer word:

| | |
|--------------------------|----------------------|
| Gemeenskaplike boedel: | R1 000 000,00 |
| Lewenspolis | R4 000 000,00 |
| Totaal | R5 000 000,00 |
| V se deel (R5 000 000/2) | R2 500 000,00 |

Soos hierbo geïllustreer hou die vestiging van 'n lewenspolis in die versekerde se boedel groot finansiële voordele vir die langsliewende gade in.

Daar bestaan egter ook nadele in die geval waar 'n lewenspolis in die versekerde se likwidasierekening gereflekteer word as eiendom. Skuldeisers is bevoeg om eise teen die boedel in te stel, en gevolglik sal die lewenspolis ook gebruik kan word om skuldeisers se eise te bevredig.⁶⁰ 'n Voordeel vir die eksekuteur is dat eksekuteursvergoeding van 3.5% aan die eksekuteur betaalbaar sal wees.⁶¹

58 Hierdie aspek sal in diepte in p 4 bespreek word.

59 Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 99. Abrie *ea Bestorwe Boedels* 168-169. *Rosenberg v Dry's Executor* 1910 AD 679. Hierdie situasie geld ongeag of die huwelik binne of buite goedere gesluit is. Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 189; Wiechers en Vorster *Administration of Estates* p 9.4.1.

60 Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 90.

61 Sien *Pieterse v Shroobree NO* 2005 1 SA 309 (HHA). Muller 2006 *THRHR* 267. Sien ook a 51 van die *Boedelwet* met betrekking tot vergoeding aan eksekuteurs. Abrie *ea Bestorwe Boedels* 160: die eksekuteur is geregtig op 'n eksekuteursfooi van 3.5% op die bruto waarde van die bates in die likwidasierekening getoon.

Die lewenspolis sal sodoende deel van die likwidasierekening van die versekerde se boedel vorm. Die versekerde se eggenoot met wie die versekerde binne gemeenskap van goed getroud is sal geregtig wees op 'n deel van die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed.⁶²

3.2 Reflektering van lewenspolisse in die boedelbelastingopgawe

Een van die rekeninge waaruit die L&D-rekening bestaan is die boedelbelastingopgawe. Boedelbelasting word gehef op alle eiendom van die oorledene by sy afsterwe, sowel as eiendom wat geag word eiendom van die oorledene te wees in ooreenstemming met die *Boedelbelastingwet*.⁶³

Daar is reeds in paragraaf 2.6 vermeld dat lewenspolisse geagte eiendom van die oorledene is. Dit wil sê ongeag of 'n lewenspolis in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word of nie sal die lewenspolis vir boedelbelasting doeleindes in aanmerking geneem word, behoudens natuurlik die uitsonderings in artikel 3 van die *Boedelbelastingwet*.⁶⁴ Die boedelbelastingopgawe kan soos volg geïllustreer word:

| Boedelbelastingopgawe (eie kursivering) |
|--|
| Eiendom kragtens artikel 3(2) soos per likwidasierekening (<i>Polisse met geen begunstigde benoeming nie, word hierby ingesluit</i>). |
| Min alle polisse waarvan die doodsdekkingswaarde in die likwidasierekening aangedui is (<i>Polisse met geen begunstigde benoeming nie</i>). |
| Min helfte weens huwelik binne gemeenskap van goed. |
| Plus: Geagte eiendom van die oorledene ingevolge artikel 3(3) <ul style="list-style-type: none"> • Lewenspolisse in likwidasierekening gereflekteer (<i>Polisse met geen begunstigde benoeming nie</i>). • Lewensversekeringspolisse nie in likwidasierekening gereflekteer nie (<i>Polisse met 'n begunstigde benoeming</i>). |
| = Bruto waarde van boedel |

62 Abrie *ea Bestorwe Boedels* 141. Muller 2006 *THRHR* 269. Die vraag wat ontstaan is hoe 'n blote begunstigde benoeming die gade kan ontnem van haar halwe aandeel in die polis? Sien in die verband p 4 waar daar gepoog word om 'n moontlike oplossing vir hierdie vraag te verkry, na aanleiding van gesag.

63 *A2 Boedelbelastingwet*. Sien ook Goodall en King *Tax & Investments Easyguide* 145; Wiechers en Vorster *Administration of Estates* p 9.4.1.

64 Sien p 2.5.3.

| |
|--|
| Min toelaatbare aftrekkings kragtens artikel 4 van die <i>Boedelbelastingwet</i> |
| <ul style="list-style-type: none"> • A 4(a)-(e): Alle laste van die oorledene se boedel / 2 (<i>die laste word deur 2 gedeel weens die huwelik binne gemeenskap van goed</i>) • Sien a 4(f)-(q) van die <i>Boedelbelastingwet</i> vir verdere aftrekkings. |
| = Netto waarde van boedel |
| Min Primêre korting kragtens artikel 4A (R3 500 000,00) |
| = Belasbare bedrag |
| Boedelbelasting betaalbaar @ 20% van belasbare bedrag |

Die vraag wat na aanleiding van bogenoemde ontstaan is soos volg: waarom word lewenspolisse in die boedelbelastingopgawe as geagte eiendom gereflekteer, waar 'n derde as begunstigde benoem is, maar nie ook in die likwidasierekening van die versekerde se boedel as eiendom nie? Dit wil sê is dit regverdig dat die blote begunstigde benoeming deur die versekerde die gade ontnem van haar halwe aandeel in die polis.⁶⁵

3.3 Samevatting

Na aanleiding van bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die lewenspolis in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word, waar die versekerde geen begunstigde van die lewenspolis benoem het nie.

Daarteenoor sal die polisopbrengs nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer word nie, wanneer die versekerde 'n begunstigde benoem het om die opbrengs van die lewenspolis te verkry by sy afsterwe, en die benoemde begunstigde die voordele ingevolge die lewenspolis adieer.⁶⁶

Lewenspolisse as geagte eiendom van die oorledene word gevolglik in sekere omstandighede gereflekteer in die likwidasierekening van die versekerde se boedel, en in ander omstandighede nie. Met betrekking tot huwelike binne gemeenskap van goed hou bogenoemde reflektering van lewenspolisse in die likwidasierekening en/of boedelbelastingopgawe drastiese gevolge vir die langsliewende gade van die versekerde in.

⁶⁵ Wanneer die lewenspolis as eiendom gereflekteer word in die likwidasierekening van die versekerde se boedel, sal die langsliewende gade geregtig wees op 'n deel van die polisopbrengs. Waar die lewenspolis nie in die likwidasierekening gereflekteer word nie en slegs in die boedelbelastingopgawe as geagte eiendom gereflekteer word, is die langsliewende gade nie geregtig op enige deel van die polisopbrengs nie.

⁶⁶ Sien p 4 in die verband.

By huwelike binne gemeenskap van goed bestaan daar een gemeenskaplike boedel tussen die versekerde en sy eggenoot.⁶⁷ Die langsliewende gade het 'n reg op die helfte van die gemeenskaplike boedel weens die huwelik binne gemeenskap van goed.⁶⁸ Wanneer die lewenspolis nie in die likwidasierekening gereflekteer word nie, en direk uitbetaal word aan 'n derde, verloor die langsliewende gade haar helfte op die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed.⁶⁹

Daar gaan vervolgens in diepte gekyk word of die hantering van lewenspolisse by huwelike binne gemeenskap van goed korrek is aan hand van gesag.

4 Hantering van lewenspolisse by huwelike binne gemeenskap van goed

By die beredding van boedels word eksekuteurs telkens gekonfronteer met die vraag hoe lewenspolisse hanteer moet word.⁷⁰ Wanneer die versekerde geen begunstigde benoem het nie, word die polisopbrengs in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer.⁷¹ Daarteenoor word die polisopbrengs waar die versekerde 'n begunstigde benoem het gedurende sy leeftyd, nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel getoon nie.⁷² In beide bogenoemde gevalle word die polisopbrengs egter vir boedelbelasting doeleindes in aanmerking geneem.⁷³

Die tydstip waarop die polisopbrengs vestig, voor of na die versekerde se afsterwe, hou belangrike gevolge vir persone binne gemeenskap van goed getroud in.⁷⁴ Wanneer gades getroud is en een van die gades kom te sterwe, word die huwelik geag ontbind te wees die oomblik wanneer die betrokke gade te sterwe kom.⁷⁵

67 A 14 *Wet op Huweliksgoedere*.

68 Stigling *ea Silke* 867. Robinson *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 146.

69 Hierdie aspek gaan in diepte in p 4.1 bespreek word.

70 Vestig die polisopbrengs in die versekerde se boedel of direk in die begunstigde?

71 Muller 2006 *THRHR* 259. Sien p 3 in die verband.

72 Muller 2006 *THRHR* 259. Sien p 3 in die verband.

73 Sien p 3.

74 Ingevolge die *Boedelwet* word die gemeenskaplike boedel van partye binne gemeenskap van goed getroud, deur die eksekuteur beredder by die afsterwe van een of albei van die gades. Die eksekuteur sal alle nahuwelikse skulde van die gemeenskaplike boedel betaal en alle gelde aan die gemeenskaplike boedel verskuldig invorder. Die netto waarde van die gemeenskaplike boedel word in die helfte verdeel en die een helfte sal aan die langsliewende gade oorbetaal word. Sien ook Robinson *ea Inleiding tot die SA Familiereg* 245-246.

75 Robinson *ea Inleiding tot die SA Familiereg* 199, 246. Botha M en Oosthuizen W "Life insurance and the accrual system: Policies in or policies out?" 2009 *Insurance and tax* 18-26. Sien ook *Welgemoed v Mennell* 2007 JOL 19240 (OK); *Odgers v Gersigny* 2006 JOL 18788 (HHA).

Dit wil sê indien die polisopbrengs eers na die versekerde se afsterwe in die begunstigde vestig, behoort die langlewende gade geregtig te wees op die helfte van die opbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed. In die geval waar die polisopbrengs reeds voor die afsterwe van die versekerde in die begunstigde gevestig het, kan geargumenteer word dat die langlewende gade nie geregtig is op die helfte van die polisopbrengs nie, ten spyte daarvan dat die premies uit die gemeenskaplike boedel betaal is.

Die vraag wat na aanleiding van bogenoemde ontstaan is of die hantering van die polisopbrengs in die geval van huwelike binne gemeenskap van goed korrek is, deurdat die premies van die lewenspolis uit die gemeenskaplike boedel betaalbaar is?

Vervolgens gaan gepoog word om die moontlike onsekerheid wat bestaan ten opsigte van die hantering van lewenspolisse by huwelike binne gemeenskap van goed op te klaar, deur die ontleding van uitsprake waarin hierdie aangeleentheid aangespreek is.

4.1 *Teenstrydige uitsprake oor die hantering van lewenspolisse*

Wanneer daar na die hantering van lewenspolisse gekyk word, moet daar onderskei word tussen twee situasies. Eerstens waar die polisopbrengs nie 'n bate in die versekerde se boedel is nie, en tweedens waar die polisopbrengs wel gesien word as 'n bate in die versekerde se boedel.

4.1.1 *Polisopbrengs nie 'n bate in versekerde se boedel*

In *CIR v Estate Crewe*⁷⁶ en *Greenberg v Estate Greenberg*⁷⁷ bepaal die hof dat die begunstigde se reg op die polisopbrengs outomaties vestig wanneer die vestigingsoomblik aanbreek.⁷⁸ Dit wil sê indien die versekeringskontrak bepaal dat die begunstigde se regte in die polisopbrengs vestig by die versekerde se afsterwe, sal die reg outomaties by die versekerde se afsterwe in die begunstigde vestig. Die begunstigde verkry hierna steeds die opsie om die bevoordeling te adieer of te repudieer.⁷⁹

76 1943 AD 656, 692.

77 1955 3 SA 361 (A) 364F-H.

78 Sien ook Sonnekus JC "Delatio en Fallacia in die Hoogste Hof" 2000 TSAR 793.

79 De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Inleiding tot die Erfreg* 3e uitg (Juta Kaapstad 2003) 9.

Die rede vir bogenoemde benadering deur die howe is vanweë die feit dat 'n persoon nie 'n ander se laste kan erf ingevolge die Suid-Afrikaanse reg nie.⁸⁰ Dit wil sê selfs waar die begunstigde te sterwe kom voordat hy kennis gekry het van die polis ten gunste van hom, val die reg in sy boedel en verkry sy erfgename dan die keuse om die voordele te adieer of te repudieer.⁸¹

Die korrektheid van die benadering deur die howe word betwyfel. Tydens die lewe van die versekerde het die versekerde 'n keuse om die begunstigde benoeming enige tyd te verander. Indien die begunstigde deur die versekerde benoem, voor die versekerde se afsterwe 'n gevestigde reg verkry, verloor die versekerde die opsie om na die begunstigde se afsterwe en voor sy afsterwe 'n nuwe begunstigde te benoem.

Waar die begunstigde die voordele in bogenoemde geval egter repudieer, word daar aanvaar dat geen reg in die begunstigde gevestig het nie.⁸² Dit wil sê die langsliewende gade van die versekerde sal in die geval waar die begunstigde ingevolge die versekeringskontrak sy voordele repudieer, geregtig wees op die helfte van die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed. Die polisopbrengs sal dus as 'n bate in die versekerde se boedel getoon word.

Daarteenoor sal die langsliewende gade op geen voordeel geregtig wees in die geval waar die begunstigde die voordele ingevolge die versekeringskontrak adieer nie. Die rede hiervoor is dat wanneer die begunstigde die voordele ingevolge die versekeringskontrak adieer, die polisopbrengs direk in die genomineerde begunstigde vestig en nie deur die boedel van die versekerde in die begunstigde nie.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat volgens bogenoemde benadering die voordele in die begunstigde vestig wanneer die vestigingsoomblik aanbreek.⁸³ Waar die versekeringskontrak bepaal dat die vestigingsoomblik aanbreek by die afsterwe van die

80 *Commissioner SARS v Executor Frith's Estate* 2001 2 SA 261 (HHA) 269B-E. In die geval word voorwaardes en tydsbepalings buite rekening gelaat omrede dit nie op die studie van toepassing is nie. *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 298A bepaal soos volg: "The oft-repeated saying that a legatee does not acquire a legacy unless he accepts it, misplaces the stress; it would be more correct to say that he acquires a right to the subject-matter of the bequest unless he repudiates it".

81 *Ex parte Webb* 1952 2 SA 541 (W). Sien in die algemeen Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E *The Law of Succession in South Africa* 2e uitg (Juta Kaapstad 2001); Sonnekus 2000 TSAR 794. De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10.

82 *Ex parte Webb* 1952 2 SA 541 (W). De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10.

83 In *CIR v Estate Crewe* 1943 AD en *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A) bepaal die hof dat waar die begunstigde die voordele repudieer, die repudiasie met terugwerkende krag vanaf die *vestigingsoomblik effektief* sal wees, adiasie sal dieselfde uitwerking hê (eie kursivering).

versekerde, wil dit gevolglik voorkom of die voordele in die begunstigde eers na die dood van die versekerde in die begunstigde vestig, en nie reeds voor die versekerde se afsterwe nie.

Indien die voordele dan wel na die versekerde se afsterwe in die begunstigde vestig, kan die vraag gevra word waarom die polisopbrengs nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel as eiendom van die versekerde gereflekteer word nie. In die geval sal die langsliewende gade geregtig wees op die helfte van die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed. Uit bogenoemde sake blyk dit dus dat die keuse wat die genomineerde begunstigde uitoefen, adiasie op repudiasie, sal bepaal of die langsliewende gade haar halwe aandeel in die polisopbrengs verloor of nie.

Volgens die howe in bogenoemde sake moet die polisopbrengs nie as 'n bate in die versekerde se boedel getoon word nie. Gevolglik ontstaan die vraag waarom die polisopbrengs enigins in die versekerde se boedelbelastingopgawe as geagte eiendom getoon word? Dit blyk onnodig te wees indien aanvaar word dat die polisopbrengs direk die begunstigde toeval.

In *Hees v Southern Life Association Ltd*⁸⁴ was M en V binne gemeenskap van goed met mekaar getroud. M het voor sy huwelik met V, twee lewenspolisse op sy lewe uitgeneem en sy broer as begunstigde daarvan benoem. Hierna is M binne gemeenskap van goed met V getroud. Na M en V se huwelik het M en V 'n gesamentlike testament opgestel waarvolgens hulle die langsliewende van hulle genomineer het om die alleen erfgenaam te wees van die gesamentlike boedel op die datum van die eerssterwende van hulle. M kom hierna te sterwe.⁸⁵

Volgens die applikant (V) is die begunstigde nominasie as gevolg van die huwelik binne gemeenskap van goed en die gesamentlike testament tussen M en V herroep.⁸⁶ Die versekeraar argumenteer dat die begunstigde benoeming neerkom op 'n *stipulatio alteri*⁸⁷ ten gunste van die oorledene se broer, wat slegs herroepbaar is ingevolge die voorgeskrewe wyse soos in die versekeringskontrak voorgeskryf.⁸⁸

84 2000 1 All SA 327 (W) (hierna *Hees*-saak).

85 *Hees*-saak 328. Sien ook Muller 2006 *THRHR* 268.

86 Sien ook *Ex Parte Calderwood NO: In re Estate Wixley* 1981 3 SA 727 (Z), waar die hof beslis het dat egskeiding nie geïnterpreteer kan word as 'n herroeping van 'n nominasie nie.

87 Botha en Oosthuizen 2009 *Insurance and Tax* 23: die beginsel *stipulatio alteri* is van toepassing waar die versekeraar (*promittens*) en die versekerde (*stipulans*) 'n kontrak sluit, waarvolgens die versekeraar onderneem om die polisopbrengs te betaal aan 'n derde party (die begunstigde), wie die versekerde as begunstigde van die polisopbrengs benoem het.

88 *Hees*-saak 328.

Die vraag voor die hof was of die opbrengs van die lewenspolis deel van die gemeenskaplike boedel van M en V vorm, ten spyte daarvan dat 'n begunstigde benoem is?⁸⁹

Die hof beslis dat 'n duidelike onderskeid getref moet word tussen die regte voortspruitend uit die lewenspolis en die reg op die polisopbrengs betaalbaar onder 'n lewenspolis.⁹⁰ Voor die uitkeerderdatum van die lewenspolis is die polisopbrengs nie 'n bate in die versekerde se boedel nie.

Gevolgtlik beslis die hof dat die voordele betaalbaar onder die twee polisse aan die versekerde se broer, nie in die gemeenskaplike boedel van M en V vestig nie. Die hof bepaal verder dat die huwelik binne gemeenskap van goed tussen M en V nie die effek het om die genomineerde begunstigde te verander onder die polisse nie.⁹¹

Die versekerde het wel sekere regte onder die lewenspolisse, soos byvoorbeeld om 'n lening oor die polisse te verkry of om die polisse te sedeer. Hierdie regte sal deel van die versekerde se bates vorm en is derhalwe 'n bate in die gemeenskaplike boedel. Die polisopbrengs self vestig egter nie in die boedel van die versekerde nie.⁹²

In die *Hees*-saak was die begunstigde wat deur die versekerde benoem is 'n derde party. Die hof het egter nie die hantering van 'n lewenspolis oorweeg waar die versekerde geen begunstigde benoem het nie. Gevolgtlik het die langslewende gade geen reg op die helfte van die polisopbrengs nie, ten spyte daarvan dat die premies van die lewenspolis uit die gemeenskaplike boedel betaal is.

In *Warricker NNO v Liberty Life Association of Africa Ltd*⁹³ volg die hof die benadering in die *Hees*-saak en beslis soos volg: wanneer 'n derde party as begunstigde benoem word onder 'n lewenspolis, is die kontrak tot voordeel van die derde party. Die voordele ingevolge die lewenspolis vorm nie deel van die eienaar se boedel nie. Regte wat deel van die eienaar se

89 *Hees*-saak 328.

90 *Hees*-saak 332.

91 *Hees*-saak 332. De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 10.

92 *Hees*-saak 948A-D. Sien ook *Borman en De Vos NNO v Potgietersrusse Tabakkorporasie Bpk en 'n Ander* 1976 3 SA 488 (A) 506H – 507A; *Ex Parte Macintosh NO: In Re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N) 65A-C; *Wixley*-saak 736A-B.

93 2003 6 SA 272 (W) (hierna *Warricker*-saak).

boedel vorm is byvoorbeeld, die reg om die kontraktuele verpligtinge onder die lewenspolis uit te voer en om die polis te sedeer ensovoorts.⁹⁴

In die *Warricker*-saak het die hof verder gegaan en die posisie oorweeg waar geen begunstigde deur die eienaar benoem is nie. Die hof beslis dat in so geval die polisvoordele onder die lewenspolis wel in die likwidasierekening van die eienaar se boedel, as 'n bate van die boedel getoon moet word. Volgens die hof vestig die reg op die polisvoordele in die eienaar, terwyl die reg op die polisopbrengs uitgestel word tot by die afsterwe van die versekerde. Dit wil sê die vestiging van die polisopbrengs in die eienaar is niks meer as 'n tydsbepaling nie.⁹⁵

In die *Warricker*-saak sowel die *Hees*-saak het die hof egter nie verduidelik waarom die reg tot die polisvoordele nie in die eienaar se boedel as 'n bate van die boedel getoon moet word nie, waar daar herroepbare nominasies van derde party begunstigdes is. In *Gordon and Getz on the South African law of insurance* word die volgende stelling gemaak:

It is submitted that where the insured has reserved the right to revoke or change the beneficiary, there can be no effective acceptance by the person nominated unless and until the insured dies without having changed that nomination. It follows that a policy with a revocability clause remains the property of the insured.⁹⁶

Die benadering blyk redelik te wees deurdat: waar die eienaar van 'n lewenspolis die bevoegdheid het om begunstigdes te verander na sy keuse, daar nie gesê kan word dat die polisopbrengs reeds voor die afsterwe van die eienaar in die begunstigde gevestig het nie. Die eienaar het die bevoegdheid om enige tyd die begunstigde benoeming te verander, en gevolglik het geen begunstigde tot by die afsterwe van die versekerde lewe 'n reg op die polisopbrengs nie.

Dit wil gevolglik voorkom of die polisopbrengs eers na die afsterwe van die versekerde lewe in die begunstigde vestig. Die polisopbrengs moet dus deel van die boedel van die versekerde lewe vorm en gevolglik sal die langsliewende gade geregtig wees op die helfte van die polisopbrengs, weens die huwelik binne gemeenskap van goed.

94 *Warricker*-saak p 10: "... the policies themselves would not have formed part of the deceased estate and the proceeds thereof would, upon acceptance of the benefits, have been payable to the designated beneficiary".

95 *Warricker*-saak 272. Van der Merwe *ea Kontraktereg Algemene Beginsels* 315. Cronjé DSP en Roos A *Erfregvonnisbundel* 4de uitg (Unisa Pretoria 2002) 225: tydsbepaling is 'n toekomstige gebeurtenis wat verseker gaan plaasvind bv dood. 'n Voorwaarde is 'n onsekere toekomstige gebeurtenis.

96 Davis *Gordon and Getz on the South African law of insurance* 335.

In *Ex Parte Macintosh NO: In re Estate Barton*⁹⁷ .bepaal die hof soos volg:

During his lifetime the insured (the deceased) in the present case had rights under the policy, e.g. to surrender it, and those rights formed part of his assets; it may well be that on his death his estate became entitled to enforce payment by the company to the beneficiary, but the policy itself is not an asset in his estate. The proceeds of it are payable to Mrs Barton unless her nomination has been revoked.⁹⁸

*Ex parte Calderwood NO: in re Estate Wixley*⁹⁹ volg dieselfde standpunt as wat gemaak is in die *Macintosh*-saak en bepaal soos volg:

The policy was not an asset of the deceased, though its proceeds would have fallen into his estate if no beneficiary had been appointed. See *Ex parte Macintosh NO (supra at 56B-C); Borman's case supra at 507A*. It was only the deceased's rights under the policy to surrender it or obtain a loan upon it, which formed portion of his assets.¹⁰⁰

Volgens die *Macintosh*-saak en die *Wixley*-saak vorm die reg op die polisopbrengs nie deel van die versekerde se boedel nie. In beide bogenoemde sake het die versekerde 'n begunstigde benoem en is die nominasie nie enige tyd herroep nie. Waar geen begunstigde egter deur die versekerde genomineer is nie, sal die lewenspolis deel van die versekerde se boedel vorm.

Die langsliewende gade se finansiële voorspoed of teëspoed in die polisopbrengs is gevolglik afhanklik van die benoeming van 'n begunstigde. Wanneer die versekerde geen begunstigde benoem nie, sal die polis in die boedel van die versekerde gereflekteer word en sal die langsliewende gade geregtig wees op die helfte van die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed.

In die onlangse uitspraak van *Danielz NO v De Wet and another*¹⁰¹ was die regspraak of die langsliewende gade geregtig is op 'n deel van die polisopbrengs weens haar huwelik binne gemeenskap van goed met die oorledene?¹⁰²

97 *Ex Parte Macintosh NO: In Re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N) (hierna *Macintosh*-saak). Sien ook Scott S "Cession of whole life insurance rights" 2003 *Stell LR* 95.

98 *Macintosh*-saak 56B-C. Sien ook *Macintosh*-saak 55A-B; Scott 2003 *Stell LR* 95. Volgens die hof is die polis nie 'n bate in die boedel van die versekerde nie. Dit wil gevolglik voorkom of die polis geensins in die boedel van die versekerde getoon moet word nie. Die teendeel is egter waar deurdad die polis vir boedelbelasting doeleindes in die boedel van die versekerde gereflekteer word.

99 1981 3 SA 727 (Z) (hierna *Wixley*-saak). Sien ook *Mooi v South Africa Mutual Life Assurance Society* 2004 3 BPLR 5519 (TK) 5522; *Nodada Funeral Services CC v The Master & others* 2003 4 SA 422 (TK) 428D-E.

100 *Wixley*-saak 736A-C.

101 2009 6 SA 42 (K) (hierna *Danielz*-saak).

102 *Danielz*-saak 40-44. Wood-Bodley MC "Life policies and marriages in community of property – who owns the proceeds of the policy on the insured's death? *Danielz NO v De Wet*" 2009 *SALJ* 224. Sien ook Wood-Bodley MC "Forfeiture by a beneficiary who conspires to assault with intent to do grievous bodily harm: *Danielz NO v De Wet* 2009 6 SA 42 (C)" 2010 *TSAR* 30-37.

Die feite van die *Danielz*-saak kan soos volg saamgevat word: M (die oorledene) kom te sterwe as gevolg van aanranding wat deur sy vrou (hierna V) veroorsaak is. Die hof beslis dat V nie geregtig is op die polisopbrengs van die lewenspolis waar V direk as begunstigde deur M benoem is nie, vanweë haar rol in M se dood.¹⁰³ Die hof beslis verder dat V, as erfgenaam, nie geregtig is op 'n deel van die polisopbrengs nie weens haar huwelik binne gemeenskap van goed met die oorledene nie.¹⁰⁴

Die rede wat die hof hiervoor aanvoer is dat die polisopbrengs nie deel van die gemeenskaplike boedel vorm nie.¹⁰⁵

Prior to the death of the deceased, the proceeds of the policies did not exist or fall into the joint estate. Until the death of the deceased, there was no certainty that a claim would be made at the time of his death. He could, for example, have surrendered the policies on the day before his death.

Upon his death the joint estate terminated. This occurs *ex lege*...

It is only after the death of the deceased that the rights in respect of the death benefits arise. *The joint estate will therefore not have a claim to an asset that arose after the joint estate had been terminated by the death of the deceased.* From this it self-evidently follows that Mrs de Wet will not, by virtue of her half-share in the joint estate, have a claim to the policies.¹⁰⁶ (*eie kursivering*)

Na aanleiding van bogenoemde kom dit duidelik na vore dat die hof nie oortuig was dat die polisopbrengs deel van die gemeenskaplike boedel van die gades vorm nie.¹⁰⁷ Die korrektheid van die beslissing kan egter bevraagteken word.

Daar is reeds in paragraaf 2 na die regsraad van 'n huwelik binne gemeenskap van goed gekyk.¹⁰⁸ Die algemene reël met betrekking tot 'n huwelik binne gemeenskap van goed is dat enige iets verkry deur enige een van die gades tydens die bestaan van die huwelik, deel van die gemeenskaplike boedel vorm.¹⁰⁹ Gevolglik bestaan daar geen rede dat 'n lewenspolis nie deel

103 *Danielz*-saak p 27-35. Wood-Bodley 2009 SALJ 224.

104 *Danielz*-saak p 23. Sien ook Shulze H "Die bloedige hand en neemt geen erf" Maart 2009 *De Rebus* 31-32.

105 *Danielz*-saak p 41-42. Wood-Bodley 2009 SALJ 224.

106 *Danielz*-saak p 41-42.

107 *Danielz*-saak p 41-43. Sien in die algemeen *Ex parte Vonzell* 1953 1 SA 122 (K); *Nell v Nell en 'n ander* 1976 3 SA 700 (T); *Leeb & another v Leeb & another* 1999 2 All SA 588 (N); Shulze Maart 2009 *De Rebus* 31-32.

108 Sien 2.5 in die verband. Sien ook Hahlo HR *The South African Law of Husband and Wife* 5e uitg (Juta Kaapstad 1985) 162-163:

109 Hahlo *The SA Law of Husband and Wife* 162-163; Wood-Bodley 2009 SALJ 225; Robinson *Inleiding tot die SA Familiereg* 146-147; *Estate Sayle v CIR* 1945 AD 388. Daar het egter sekere uitsonderings bestaan, byvoorbeeld eiendom onderhewig aan 'n beperkte reg, wat nie relevant vir die studie is nie. Ingevolge a 41 van die *Versekeringswet* 27 van 1943 is daar voorsiening gemaak vir sekere lewenspolis wat nie deel van die gemeenskaplike boedel vorm nie. Na die inwerktrrede van die *Wet op Huweliksgoedere* waarvolgens gades binne gemeenskap van goed gelyke regte geniet ten opsigte van die gemeenskaplike boedel, en die inwerktrrede van die *Langtermynversekeringswet* wat die *Versekeringswet* gewysig het, bestaan die uitsonderings nie meer nie. Sien ook Botha en Oosthuizen Sept 2009 *Insurance and tax* 1.

van die gemeenskaplike boedel van die gades moet vorm nie, en die polisopbrengs nie binne die gemeenskaplike boedel moet val nie.¹¹⁰

Uit die aanhaling hierbo blyk dit verder dat die hof van mening is dat die polisopbrengs eers na die versekerde se afsterwe vestig. Volgens die benadering sal die langsliewende gade, binne gemeenskap van goed met die versekerde getroud, nooit op 'n deel van die polisopbrengs geregtig wees nie. Dit blyk onredelik te wees deurdat beide gades in die huwelik bygedra het tot die betaling van die premies.

Indien die *Danielz*-saak se benadering toegepas word beteken dit verder dat die hantering van lewenspolis waar geen begunstigde benoem is nie vir jare lank al verkeerd hanteer word. Volgens die saak sal die lewenspolis in die versekerde se likwidasierekening as eiendom gereflekteer word, maar die langsliewende gade sal nie geregtig wees op die helfte van die versekerde se eiendom nie. In die boedelbelastingopgawe sal die lewenspolis sodoende nie in aanmerking geneem word by die hantering van die langsliewende gade se deel nie.

'n Verdere vraag wat ontstaan is dat indien die hof van mening is dat die polisopbrengs eers na die versekerde se afsterwe in die versekerde se boedel vestig, hoekom die lewenspolis dan nie eerder as 'n nadoodse inkomste hanteer word nie. In die inkomste- en uitgawerekening word al die inkomste en uitgawes wat na dood van die erflater ontstaan getoon.¹¹¹

In *Love v Santam Life Insurance Ltd*¹¹² en *Pieterse v Shrosbree, Shrosbree NO; Shrosbree NO v Love*¹¹³ beslis die hof dat die polisopbrengs betaalbaar aan 'n genomineerde begunstigde nie in die begunstigde vestig deur die boedel van die eienaar van die lewenspolis nie, maar direk in die begunstigde vestig. Die hof se benadering was gebaseer op die *stipulatio alteri* beginsel.¹¹⁴

110 Wood-Bodley 2009 SALJ 225. Meyerowitz D *The Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty* (The Taxpayer Kaapstad 2007) p15.35: "If the insurance policy is payable to the deceased and was on his life the full proceeds of the policy should be shown in the account". Sien ook p 15.46 waar 'n lys gemaak is van die eiendom wat nie binne die gemeenskaplike boedel val nie. Lewenspolis word nie hierby ingesluit nie. Sien ook *Shulze Maart* 2009 *De Rebus* 31-32.

111 Reg 5(1)(f) bylae 4 *Boedelbelastingwet*. Abrie *ea Bestorwe Boedels* 148. Hierdie standpunt gaan nie in diepte bespreek word nie. Abrie *ea Boedels Beplanning en Bereddering* 213: alle inkomste en uitgawes na die versekerde se afsterwe tot by die finalisering van die rekening word in die inkomste- en uitgawerekening getoon.

112 2004 3 SA 445 (SOK).

113 2005 1 SA 309 (HHA).

114 Hierdie benadering is gebaseer op die toepassing van die beginsel *stipulation alteri*. Volgens die beginsel *stipulatio alteri* sal die polisopbrengs direk in die begunstigde vestig by die versekerde se afsterwe. Die polisopbrengs vorm nie deel van die versekerde se boedel nie, en gaan gevolglik nie onderhewig wees aan boedelbelasting nie. Die teendeel is egter waar, soos reeds in paragraaf 2.6 vermeld is lewenspolis geagte eiendom van die oorledene ingevolge artikel 3(3)(a) van die *Boedelbelastingwet* en wel onderhewig

Die *stipulatio alteri* beginsel kan soos volg verduidelik word: by die versekerde se afsterwe en nadat die begunstigde die voordele ingevolge die versekeringskontrak adieer, verkry die begunstigde regte van 'n party tot die kontrak direk teen die versekeraar en nie deur die versekerde se boedel nie.¹¹⁵ Die versekerde verloor alle regte ingevolge die versekeringskontrak en gevolglik word die polisopbrengs nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel as eiendom getoon nie.¹¹⁶

Vervolgens gaan daar na die hantering van lewenspolisse gekyk word waar die polisopbrengs beskou word as 'n bate van die versekerde se boedel. Daar sal ook gekyk word wat die effek hiervan is op huwelike binne gemeenskap van goed.

4.1.2 Polisopbrengs 'n bate in versekerde se boedel

In *Wessels v De Jager*¹¹⁷ beslis die hof dat die begunstigde by die erflater se afsterwe slegs 'n bevoegdheid het om te erf en geen reg het nie. Die begunstigde verkry eers 'n reg by adiasie van die bevoordeling.¹¹⁸ Dit wil sê die polis sal ingevolge die saak 'n bate in die versekerde se boedel bly tot die benoemde begunstigde die voordele ingevolge die polis adieer.

Die sake wat in die *Wessels*-saak goedgekeur is, is onder andere *Kellerman v Van Vuren*¹¹⁹ en *Klerck and Schärages v Lee*¹²⁰. Die volgende argument is ter ondersteuning van die beslissing in hierdie sake gebruik:

If he adiates, then, with retrospective effect, the right to the legacy becomes an asset in his estate. If, prior to adiating, he repudiates, or waives his right to the legacy, then, as was stated

aan boedelbelasting. Bogenoemde skep egter probleme. Die vraag wat ontstaan is wat die posisie is waar die polisopbrengs betaalbaar is aan die boedel van die versekerde, en nie aan 'n genomineerde begunstigde nie? Sien Reinecke *ea General principles of insurance law* 295-316; Davis Gordon and Getz *The SA law of insurance* (1993) 277-281; Sonnekus 1999 TSAR 594; Scott 2003 *Stell LR* 97. Muller 2006 TSAR 259.

115 Davis Gordon and Getz *The SA law of insurance* 278, 334.

116 *Pieterse v Shrosbree NO*; *Shrosbree NO v Love* 2005 1 SA 309 (HVA); *Love v Santam Life Insurance Ltd* 2004 3 SA 445 (SO); *Warricker NNO v Liberty Life Association of Africa* 2003 6 SA 272 (W); Muller 2006 *THRHR* 261. Sien ook Sonnekus 1999 TSAR 594-629; *Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556; *McCulloch v Fernwood Estate Ltd* 1920 AD 204; *Melpark Bottle Store v Brand* 1970 3 SA 119 (T); *Gardner v Richardt* 1974 3 SA 768 (K); *Arthur E Abrahams & Gross v Cohen* 1991 2 SA 301 (K) 312E.

117 4 SA 924 (HHA) (hierna *Wessels*-saak).

118 *Wessels*-saak 928G. Sien ook Stevens R "RIP Testator: *Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO*" 2001 *SALJ* 230.

119 1994 4 SA 336 (T) (hierna *Kellerman*-saak).

120 1995 3 SA 340 (SOK) (hierna *Klerck*-saak).

by Voet, the legacy is retrospectively rejected and never belonged to him and accordingly the right did not form part of his insolvent estate.¹²¹

Die keuse wat die begunstigde uitoefen, adiasie of repudiasie, bepaal dus gevolglik hoe die polisopbrengs hanteer moet word. Dit blyk onredelik te wees dat die hantering van lewenspolisse in die boedel van die versekerde afhanklik is van die keuse wat die begunstigde uitoefen.¹²²

Dit wil sê ten spyte daarvan dat die hof in die *Wesse/s*-saak vermeld dat die begunstigde by die versekerde se afsterwe slegs 'n bevoegdheid op die polisopbrengs het, en nie reeds 'n reg nie, sal die polisopbrengs in die geval waar die begunstigde die polisvoordele adieer, hanteer word asof die polis reeds voor die versekerde se afsterwe in die begunstigde gevestig het. Die polisopbrengs vestig sodoende nie *via* die boedel van die versekerde in die begunstigde nie.¹²³

In *Botha v Botha*¹²⁴ het die testateurs die restant van hulle vaste eiendom aan die kinders van hul seun H bemaak. Die testateurs bepaal verder dat indien H te sterwe kom sonder enige kinders die eiendom verkoop moet word en die opbrengs aan N kerk oorbetal moet word. H het twee kinders naamlik die applikant en J. J is getroud met die eerste respondent en het twee kinders naamlik A en B. Die eerste respondent is die enigste erfgenaam van J. In 1975 kom J en sy twee kinders (A en B) te sterwe. In 1976 kom H te sterwe latend die applikant as sy enigste oorlewende kind.¹²⁵

Die vraag wat ontstaan is of die eerste respondent kan deel in die restant van die vaste eiendom van die testateurs as die enigste erfgenaam van die oorlede seun J. Daar moet bepaal word of daar enige reg gevestig het in die begunstigdes (applikant en J) voor die afsterwe van H. Indien daar reeds regte voor H se afsterwe gevestig het in die begunstigdes,

121 *Kellerman-saak* 341G-H en *Klerck-saak* 338H-I. De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg* 122: 'n legaat is wanneer 'n persoon 'n bepaalde of bepaalbare bate of geldsom erf. Die opbrengs van 'n polis kan gevolglik vergelyk word met 'n legaat soos in hierdie saak vermeld.

122 Sien in die algemeen *Van der Merwe v Road Accident Fund* 2006 4 SA 230 (KH) waar die hof beslis het dat die blote keuse van gades om binne gemeenskap van goed te trou, en nie buite gemeenskap van goed nie, nie deurslaggewend is om te bepaal dat gades binne gemeenskap van goed nie geregtig is op vermoënsregte nie. Net so kan daar moontlik geargumenteer word in die geval van lewenspolisse dat: die keuse om 'n begunstigde te benoem, nie die deurslaggewende faktor kan wees om te bepaal of die langsliewende gade geregtig is op 'n deel van die polisopbrengs nie. Sien ook Robinson JA "Matrimonial property regimes and damages: the far reaches of the South African Constitution" 2007 *PER* 70-88; Klopper HB *The Law of Third Party Compensation* 2e uitg (LexisNexis Durban 2008); Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5e uitg (Juta Claremont 2005).

123 Waar die begunstigde die voordele adieer sal die langsliewende gade op geen voordeel geregtig wees nie, in die geval waar die begunstigde die voordele repudieer sal die langsliewende op die helfte van die voordele geregtig wees weens die huwelik binne gemeenskap van goed.

124 1979 3 SA 792 (T) (hierna *Botha*-saak).

125 *Botha*-saak 793.

sal J se boedel geregtig wees op 'n deel van die vaste eiendom by H se afsterwe en sal die eerste respondent op daardie deel kan aanspraak maak as enigste erfgenaam van J.¹²⁶

Die hof bevind dat hier 'n opskortende voorwaarde is, naamlik dat die applikant en J moes lewe by H se afsterwe. Daar het geen regte in J gevestig nie omrede J nie vir H oorleef het nie. Dit wil sê die restant van die vaste eiendom van die testateurs val nie in die boedel van J nie en die eerste respondent sal nie aanspraak kan maak op die helfte van die erflating nie. Vestiging van regte het eers plaasgevind by die toekomstige onsekere gebeurtenis. Die applikant is sodoende die enigste erfgenaam.¹²⁷

In *Wilcocks NO v Visser and New York Life Insurance Co*¹²⁸ het die oorledene (hierna M) en sy vrou (V) 'n ooreenkoms gesluit tydens die bestaan van hul huwelik. Die ooreenkoms het soos volg bepaal: "all the assets of [their] joint estate should belong to deceased for a certain consideration in favour of his wife"¹²⁹

Die vraag waaroor die hof moes beslis was of V deur haar instemming die opbrengs van sekere lewenspolis opgegee het wat betaalbaar was by M se afsterwe. Die volle regbank het bevestigend op hierdie vraag geantwoord.¹³⁰

Die hof was gevolglik van mening dat die lewenspolis wel deel van die gemeenskaplike boedel van M en V vorm. Indien V derhalwe nie tot die ooreenkoms ingestem het nie, sou V op die helfte van die polisopbrengs geregtig gewees het weens haar huwelik binne gemeenskap van goed met M.

*CIR v Estate Hersov*¹³¹ is 'n saak wat gehandel het oor 'n polis waar geen begunstigde benoeming was nie. Die hof beslis in die saak dat die lewenspolis gereflekteer moet word as eiendom in die boedel van die oorledene. Die langsliewende gade sal sodoende in die geval geregtig wees op die helfte van die polisopbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed.¹³²

126 *Botha*-saak 793.

127 *Botha*-saak 794-795.

128 1910 OPD 99 (hierna *Wilcocks*-saak).

129 *Wilcocks*-saak 101.

130 *Wilcocks*-saak 102-103. Dit wil sê volgens die *Wilcocks*-saak val die polisopbrengs binne die gemeenskaplike boedel. Sien ook *Warricker*-saak p 9: "life insurance policy, no doubt, is an asset in the estate of the insolvent".

131 1952 4 SA 559 (A) (hierna *Hersov*-saak).

132 Muller 2006 *THRHR* 264. Sien ook *Crewe*-saak in die verband. Sien ook Hahlo *The SA Law of Husband and Wife* 317; Botha en Oosthuizen Sept 2009 *Insurance and Tax* 2.

4.2 Samevatting

Na aanleiding van bogenoemde word die volgende gevolgtrekking bereik. In die geval waar die polisopbrengs beskou word as 'n bate in die versekerde se boedel, word die polis in die likwidasierekening van die versekerde se boedel getoon. Die gade is as gevolg van haar huwelik binne gemeenskap van goed met die versekerde geregtig op die helfte van die polisopbrengs.

Wanneer die polisopbrengs nie as 'n bate van die versekerde se boedel beskou word nie, word die polis nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel as eiendom getoon nie. Die gade is nie geregtig op die helfte van die polisopbrengs nie omrede die polis nie as eiendom van die versekerde beskou word nie.

Lewenspolisse word egter vir belasting doeleindes in beide bogenoemde situasies in die boedelbelastingopgawe van die versekerde se boedel getoon. Daar blyk geen rede te wees waarom lewenspolisse wat as eiendom vir boedelbelasting doeleindes beskou word, nie ook as eiendom in die likwidasierekening van die versekerde se boedel beskou word nie. Dit wil sodoende voorkom of daar geen werklike rede bestaan waarom polisse verskillend hanteer word nie, en 'n gade in een geval geregtig sal wees op die helfte van die polisopbrengs en in 'n ander geval nie.

Daar bestaan nie eensinnigheid tussen howe oor die hantering van lewenspolisse nie. Die howe het teenstrydige uitsprake oor waar en wanneer 'n polis as 'n bate in die boedel van die versekerde getoon moet word. Dit wil voorkom of howe in die algemeen die benadering volg dat: waar 'n begunstigde benoem is deur die versekerde, die polis nie deel van die versekerde se likwidasierekening vorm nie. Daarteenoor waar die versekerde geen begunstigde benoem het nie, die polisopbrengs wel deel van die versekerde se boedel vorm. Gevolglik wil dit voorkom of 'n persoon boedelbelasting voordele kan put deur bloot sy polis te begunstig of nie te begunstig nie.

'n Vraag wat vervolgens kan ontstaan is of die langsliewende gade indien sy toegestem het tot die begunstigde benoeming, bewus daarvan is dat sy moontlik die helfte van die polisopbrengs prysgee. 'n Verdere vraag wat ontstaan is of dit regverdig is dat waar die langsliewende gade nie toegestem het tot die begunstigde benoeming nie, die helfte van die polisopbrengs verloor.

Die feit dat daar verskillende gesag bestaan oor hoe om lewenspolisse te hanteer gee aanleiding tot regsonsekerheid. Wanneer premies uit die gemeenskaplike boedel betaal word, dra elke gade die helfte by tot die betaling van die premies. Dit wil sodoende voorkom of slegs die helfte van die lewenspolis in die boedel van die versekerde getoon moet word by sy afsterwe, ongeag of 'n begunstigde benoem is of nie. Die ander helfte van die lewenspolis moet dan in die versekerde se gade se boedel getoon word.

Daar gaan vervolgens gekyk word na die *Draft Revenue Laws Amendment Bill* wat in 2008 bekend gemaak is. Hiervolgens was 'n voorstel gemaak dat die polisopbrengs van lewenspolisse nie meer in aanmerking geneem word vir boedelbelasting doeleindes nie.

5 *Draft Revenue Laws Amendment Bill, 2008*

In Augustus, 2008 is die *Draft Revenue Laws Amendment Bill*¹³³ (hierna: DRLAB) bekend gemaak. In die DRLAB is 'n voorstel gemaak om die *Boedelbelastingwet* te wysig sodat die opbrengs van 'n lewenspolis nie meer in die boedelbelastingopgawe, vir boedelbelasting doeleindes, as 'n geagte bate gereflekteer word nie.¹³⁴ Die voorgestelde wysiging aan die *Boedelbelastingwet* lees soos volg:

Section 3 of the *Estate Duty Act*, 1955, is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (3) of paragraph (a); and

(b) by the deletion in subsection (3) of paragraph (a)*bis*.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2009 and applies in respect of the estate of a person who dies on or after that date.¹³⁵

Volgens die DRLAB sal die artikel op 1 Januarie 2009 in werking getree het. Hiervolgens sal alle lewenspolisse buite die boedel van die versekerde hanteer word. 'n Kennisgewing is egter gepubliseer wat bepaal het dat die artikel nie in werking sal tree nie.¹³⁶

Gevolgtrek bly die hantering van lewenspolisse dieselfde. Dit wil sê wanneer die versekerde 'n begunstigde genomineer het om die polisopbrengs te ontvang, word die polis nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer nie. Daarteenoor word die polisopbrengs in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer, waar die

133 *Draft Revenue Laws Amendment Bill, 2008* (hierna DRLAB).

134 SARS 2008 *Draft Republic of South Africa: The Revenue Law Amendment Bill* www.sars.gov.za (datum van gebruik 22 November 2008) 5.

135 Sien a 2 van die DRLAB.

136 Muller *A Framework for wealth transfer* 236.

versekerde geen begunstigde benoem het nie. In beide die situasies word die polis egter as 'n geagte bate in die boedelbelastingopgawe van die versekerde se boedel gereflekteer.¹³⁷

Na aanleiding van bogenoemde moet 'n persoon homself afvra wat die moontlike doel met die beoogde wysiging van die *Boedelbelastingwet* was. Soos reeds in paragraaf 1 vermeld wil dit voorkom of 'n versekerde deur 'n polis te begunstig of nie te begunstig nie, moontlike boedelbelasting voordele kan put. Artikel 2 van die DRLAB was moontlik ten doel om juis hierdie situasies te vermy en gevolglik regsekerheid te skep. Deur lewenspolisse te verwyder uit die boedel van die versekerde sal regsekerheid geskep word, en eksekuteurs sal weet hoe om met die opbrengs te handel.

Die omskrywing van lewenspolisse in die *Boedelbelastingwet* kan egter wyd geïnterpreteer word.¹³⁸ Die probleem wat gevolglik kan ontstaan deur alle lewenspolisse van boedelbelasting vry te stel, is dat die vrystelling maklik misbruik kan word, indien daar nie volledige maatreëls neergelê word met betrekking tot die hantering van die vrystelling nie. Met goeie boedelbeplanning kan lewenspolisse gevolglik 'n maklike uitweg wees om boedelbelasting te bespaar.

6 Gevolgtrekking

Na aanleiding van bogenoemde kom dit duidelik na vore waarom daar by die beredding van boedels van persone binne gemeenskap van goed getroud, die vraag ontstaan tot watter mate die polisopbrengs van lewenspolisse ingesluit moet word by die berekening van boedelbelasting.

Uit paragraaf 3 blyk dit duidelik dat daar verskeie opsies vir die versekerde is by die uitneem van 'n lewenspolis met betrekking tot die hantering van die polisopbrengs. Die versekerde het die opsie om geen begunstigde te benoem nie of om wel 'n begunstigde vir die polisopbrengs te nomineer. In eersgenoemde geval word die polisopbrengs in die likwidasierekening van die versekerde se boedel gereflekteer. In laasgenoemde geval word die polisopbrengs direk aan die begunstigde betaal en sal die opbrengs nie in die likwidasierekening van die versekerde se boedel getoon word nie.

137 Sien p 3.

138 Sien p 2.3. Sien ook Muller *A framework for wealth transfer* 236.

In beide bogenoemde situasies word die polisopbrengs wel as 'n geagte bate in die boedelbelastingopgawe beskou. Hierdie hantering van lewenspolisse het 'n effek op die berekening van boedelbelasting met spesifieke verwysing na persone binne gemeenskap van goed getroud. Die gevolg is dat wanneer die langsewende gade se helfte bereken word, die polisopbrengs nie altyd in berekening geneem word nie.

Uit paragraaf 4 blyk dit duidelik dat daar teenstrydige uitsprake bestaan oor die hantering van lewenspolisse by huwelike binne gemeenskap van goed. Wanneer die polisopbrengs as 'n bate in die versekerde se boedel getoon word, het die langsewende gade 'n reg op die helfte van die opbrengs weens die huwelik binne gemeenskap van goed met die versekerde. Wanneer die polisopbrengs nie as 'n bate in die versekerde se boedel getoon word nie, het die langsewende gade nie 'n reg op die helfte van die polisopbrengs nie, ten spyte van die feit dat die premies uit die gemeenskaplike boedel betaal is.

Dit gee aanleiding daartoe dat 'n persoon wat binne gemeenskap van goed getroud is, boedelbelasting voordele kan put deur bloot sy polisopbrengs te begunstig of nie. Wanneer daar na die regsraad van huwelike binne gemeenskap van goed gekyk word, blyk 'n oplossing tot bogenoemde situasie soos volg te wees: reflekteer slegs die helfte van die lewenspolis in die boedel van die versekerde, ongeag of 'n begunstigde benoem is of nie. Die ander helfte van die lewenspolis moet dan in die versekerde se gade se boedel gereflekteer word.

Die rede vir die benadering is weens die feit dat by huwelike binne gemeenskap van goed, gades mede-eienaars van die gemeenskaplike boedel is. Wanneer premies uit die gemeenskaplike boedel betaal word, blyk dit regverdig en billik te wees dat elke gade geregtig is op die helfte van die polisopbrengs ongeag wie die begunstigde is.

In paragraaf 5 word daar gesien dat die DRLAB 'n voorstel met betrekking tot lewenspolisse gehad het wat aanleiding tot regsekerheid sal gee. Hiervolgens moet die opbrengs van lewenspolisse geensins in aanmerking vir boedelbelasting doeleindes geneem word nie. Die voorstel in die DRLAB het egter nie in werking getree nie en lewenspolisse word steeds hanteer soos bo vermeld. Die verwydering van lewenspolisse uit die boedel van persone kan egter aanleiding gee dat die vrystelling misbruik word om belasting voordele te put.

Die navorsingsvraag kan gevolglik beantwoord word deur twee moontlike aanbevelings te maak. Aanbeveling 1 is om die helfte van die polisopbrengs in die versekerde se boedel te toon

en die ander helfte van die opbrengs in die versekerde se gade se boedel te toon, ongeag wie as begunstigde benoem is. Deur polisopbrengste op die wyse te hanteer sal regsekerheid geskep word en eksekuteurs sal weet hoe om met die opbrengs te handel.

Aanbeveling 2 kan wees om lewenspolisse heeltemal uit die boedel van die versekerde te haal, soos in die DRLAB voorgestel, wat ook aanleiding tot regsekerheid sal gee. Eksekuteurs sal dan weet hoe om met die opbrengs te handel, deurdat die opbrengs geensins in die boedel van die versekerde getoon word nie. Vir hierdie aanbeveling om effektief te wees moet daar egter deeglike maatreëls neergelê word sodat die vrystelling nie misbruik word om boedelbelasting voordele te put nie.

7 Bibliografie

7.1 Boeke

A

Abrie ea Bestorwe Boedels

Abrie W ea Bestorwe Boedels 7e uitg (Proplus Pretoria 2008)

Abrie ea Boedels Beplanning en Bereddering

Abrie W ea Boedels Beplanning en Bereddering (Proplus Pretoria 1991)

C

Corbett, Hofmeyr en Kahn The Law of Succession in SA

Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E The Law of Succession in South Africa 2e uitg (Juta Kaapstad 2001)

Cronjé en Roos Erfregvonnisbundel

Cronjé DSP en Roos A Erfregvonnisbundel 4de uitg (Unisa Pretoria 2002)

Currie en De Waal The Bill of Rights Handbook

Currie I en De Waal J The Bill of Rights Handbook 5e uitg (Juta Claremont 2005)

D

Davel en Jordaan Personereg Studentehandboek

Davel CJ en Jordaan RA Personereg Studentehandboek 3e uitg (Juta Kaapstad 2000)

Davis, Beneke en Jooste *Estate Planning*

Davis DM, Beneke C en Jooste RD *Estate Planning* (LexisNexis Durban 1998)

Davis *Gordon and Getz on the SA law of insurance*

Davis DM *Gordon and Getz on the South African law of insurance* 4e uitg (Juta Kaapstad 1993)

De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding tot die Erfreg*

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Inleiding tot die Erfreg* 3e uitg (Juta Kaapstad 2003)

E

Erasmus en De Waal *The SA Law of Succession*

Erasmus HJ en De Waal MJ *The South African Law of Succession* (Butterworths Durban 1989)

G

Geach *Handbook for Executors, Trustees and Curators*

Geach WD *Handbook for Executors, Trustees and Curators* (Juta Kaapstad 1993)

Goodall en King *Tax & Investments Easyguide*

Goodall B en King R *Tax & Investments Easyguide* (LexisNexis Durban 2005/2006)

H

Hahlo *The South African Law of Husband and Wife*

Hahlo HR *The South African Law of Husband and Wife* 5e uitg (Juta Kaapstad 1985)

K

Klopper *The Law of Third Party Compensation*

Klopper HB *The Law of Third Party Compensation* 2e uitg (LexisNexis Durban 2008)

M

Meyerowitz *The Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty*

Meyerowitz D *The Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty* (The Taxpayer Kaapstad 2007)

N

Nienaber en Reinecke *Life Insurance in South Africa*

Nienaber PM en Reinecke MFB *Life Insurance in South Africa A compendium* (LexisNexis Durban 2009)

O

Odendal en Gouws *HAT*

Odendal FF en Gouws RH *Verklaarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 5e uitg (Pearson Education South Africa Kaapstad 2005)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Pretoria 1991)

R

Reinecke *ea General principles of insurance law*

Reinecke MFB ea *General principles of insurance law* (LexisNexis Durban 2002)

Robinson *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg*

Robinson JA *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 4de uitg (Printing things drukkers Potchefstroom 2009)

S

Steyn *The Law of Wills in SA*

Steyn G *The Law of Wills in South Africa* 2e uitg (Juta Kaapstad 1948)

Stigling ea *Silke*

Stigling M ea *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* (LexisNexis Durban 2009)

Swart ea *Die Beplanning en Bereddering van Boedels – 'n Inleiding*

Swart JN ea *Die Beplanning en Bereddering van Boedels – 'n Inleiding* (Butterworths Durban 1985)

V

Van der Merwe ea *Kontraktereg Algemene Beginsels*

Van der Merwe S ea *Kontraktereg Algemene Beginsels* 3de uitg (Juta Kaapstad 2007)

Van der Merwe en Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg*

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6e uitg (JP van der Walt en Seun Pretoria 1990)

Visser en Potgieter *Inleiding tot die Familiereg*

Visser PJ en Potgieter JM *Inleiding tot die Familiereg* 2e uitg (Juta Kaapstad 1998)

Visser en Potgieter *Skadevergoeding*

Visser PJ en Potgieter JM *Skadevergoeding* 2e uitg (Juta Kaapstad 2003)

W

Wiechers en Vorster *Administration of Estates*

Wiechers WJ en Vorster I *Administration of Estates* (Butterworhts Durban 2009)

7.2 Artikels

B

Botha en Oosthuizen 2009 *Insurance and tax*

Botha M en Oosthuizen W "Life insurance and the accrual system: Policies in or policies out?" 2009 *Insurance and tax* 18-26

Botha en Oosthuizen Sept 2009 *Insurance and tax*

Botha M en Oosthuizen W "Marriage in community of property: Estate duty treatment of insurance policy owned by joint estate" September 2009 *Insurance and tax* 1-6

D

Dendy 2009 *De Rebus*

Dendy M "Succession rights" November 2009 *De Rebus* 52-53.

H

Henckert 1994 *TSAR*

Henckert H "The life assurance policy, beneficiary clauses and marriage: a few aspects"
1994 *TSAR* 513-525

J

Joffe 2009 *De Rebus*

Joffe H "The tax consequences of life insurance policies" Maart 2009 *De Rebus* 43-44

M

Muller 2006 *THRHR*

Muller E "The treatment of life insurance policies in deceased estates with a perspective on
the calculation of estate duty" 2006 *THRHR* 259-278

N

Nevondwe Maart 2009 *De Rebus*

Nevondwe L "Recent amendments in the Pension funds Act on divorce and death benefits
in the Financial Services Laws General Amendment Act" Maart 2009 *De Rebus* 16-19

R

Robinson 2007 *PER*

Robinson JA "Matrimonial property regimes and damages: the far reaches of the South
African Constitution" 2007 *PER* 70-88

S

Scott 2003 *Stell LR*

Scott S "Cession of whole life insurance rights" 2003 *Stell LR* 89-106

Shulze Maart 2009 *De Rebus*

Shulze H "Die bloedige hand en neemt geen erf" Maart 2009 *De Rebus* 31-32

Shulze Mei 2010 *De Rebus*

Shulze H "Cession" Mei 2010 *De Rebus* 36-37

Singh 1991 *De Rebus*

Singh D "Do until it dies: a critical examination of s 15 of the *Matrimonial Property Act* 88 of 1984" 1991 *De Rebus* 199-203

Sonnekus 2000 *TSAR*

Sonnekus JC "Delatio en Fallacia in die Hoogste Hof" 2000 *TSAR* 793-808

Sonnekus 1999 *TSAR*

Sonnekus JC "Enkele opmerkings om die beding ten behoewe van 'n derde" 1999 *TSAR* 594-629

Stevens 2001 *SALJ*

Stevens R "RIP Testator: *Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO*" 2001 *SALJ* 230-236

V

Van Aswegen 1987 *De Rebus*

Van Aswegen "Uitgeslote bates by huwelik onderworpe aan aanwasbedeling" 1987 *De Rebus* 151-154

Van Wyk 1985 *De Rebus*

Van Wyk AH "Gemeenskap van goedere en aanwasbedeling volgens die *Wet op Huweliksgoedere*, 1984" 1985 *De Rebus* 20-23

W

Wood-Bodley 2010 *TSAR*

Wood-Bodley MC "Forfeiture by a beneficiary who conspires to assault with intent to do grievous bodily harm: *Danielz NO v De Wet* 2009 6 SA 42 (C)" 2010 *TSAR* 30-37

Wood-Bodley 2009 *SALJ*

Wood-Bodley MC "Life policies and marriage in community of property – who owns the proceeds of the policy on the insured's death? *Danielz NO v De Wet*" 2009 *SALJ* 224-231

7.3 Proefskrifte en verhandelings

Muller A *framework for wealth transfer*

Muller E *A framework for wealth transfer taxation in South Africa* (LLD Universiteit van Pretoria 2010)

Van der Lip *Beneficiary nominations on life insurance contracts*

Van der Lip T *Beneficiary nominations on life insurance contracts and the insolvent deceased estate* (LLM-skripsie Potchefstroomse Universiteit 2001)

7.4 Internetbronne

Marx CJ 2009 *Amendments to the Estate Duty Act, act no 45 of 1955 Revenue Laws Amendment Act, no 60 of 2008 (RLAA) Revenue Laws Second Amendment Act, no 61 of 2008 (RLSAA)* www.sars.gov.za [datum van gebruik 5 November 2010]

SARS 2008 *Draft Republic of South Africa: The Revenue Law Amendment Bill*
www.sars.gov.za [datum van gebruik 22 November 2008]

Vlok ED 2008 *Estate duty implications on buy-and-sell arrangements, where shares are held in trusts* www.sars.gov.za [datum van gebruik 5 November 2010]

7.5 Regspraak

Amalgamated Bank of South Africa Bpk v Lydenburg Passasiersdienste BK 1995 3 SA 314 (T)

Arthur E Abrahams & Gross v Cohen 1991 2 SA 301 (K)

Avis v Verseput 1943 AD 331

Barnett v Rudman 1934 AD 203

Boland Bank Bpk v Du Plessis 1995 4 SA 113 (T)

Bopape v Moloto 1999 4 All SA 277 (T), 2000 1 SA 383 (T)

Borman en De Vos NNO v Potgietersrusse Tabakkorporasie Bpk en 'n Ander 1976 3 SA 488 (A)

Botes NO v Afrikaanse Lewensversekerings-maatskappy BPK 1967 3 SA 19 (W)

Botha v Botha en 'n Ander 1979 3 SA 792 (T)

CIR v Estate Crewe 1943 AD 656

CIR v Estate Hersov 1952 4 SA 559 (A)

CIR v Estate Late Hulett 1990 2 SA 786 (A)

Commissioner SARS v Executor Frith's Estate 2001 2 SA 261 (HHA)

Crookes v Watson 1956 1 SA 277 (A)

Distillers Corporation Ltd v Modise 2001 4 SA 1071 (O)

Ex Parte Calderwood NO: In re Estate Wixley 1981 3 SA 727 (Z)

Ex Parte Graham 1963 4 SA 145 (D)

Ex Parte Macintosh NO: In Re Estate Barton 1963 3 SA 51 (N)

Ex parte Vonzell 1953 1 SA 122 (K)

Ex parte Webb 1952 2 SA 541 (W)

Gardner v Richardt 1974 3 SA 768 (K)

Gory v Kolver NO and Others 2007 4 SA 97 (KH)

Greenberg v Estate Greenberg 1955 3 SA 361 (A)

Hees v Southern Life Association Ltd 2000 1 All SA 327 (W)

Jurgens Eiendomsagente v Share 1990 4 SA 664 (A)

Kellerman v Van Vuren 1994 4 SA 336 (T)

Klerck and Schärge v Lee 1995 3 SA 340 (SOK)

Lake v Reinsurance Corp Ltd 1967 3 SA 124 (W)

Leeb & another v Leeb & another 1999 2 All SA 588 (N)

Love v Santam Insurance Ltd 2004 3 SA 445 (SOK)

McCullogh v Fernwood Estate Ltd 1920 AD 204

Melpark Bottle Store v Brand 1970 3 SA 119 (T)

Momentum Group Ltd v Van Staden NO and Another 2010 2 SA 135 (HHA)

Mooi v South Africa Mutual Life Assurance Society 2004 3 BPLR 5519 (TK)

Mthembu v Letsela 2000 3 SA 867 (HHA)

Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz 1911 AD 556

Mutual Life Insurance v Hotz 1911 AD 556

Nedbank v Van Zyl 1990 2 SA 469 (A)

Nell v Nell en 'n ander 1976 3 SA 700 (T)

Nodada Funeral Services CC v The Master & others 2003 4 SA 422 (TK)

Odgers v Gersigny 2006 JOL 18788 (HHA)

Pieterse v Shrosbree NO 2005 1 SA 309 (HHA)

Re Beaglehole 1908 TS 49

Rosenberg v Dry's Executor 1910 AD 679

Sydmore Engineering Works (Pty) Ltd v Fidelity Guars (Pty) Ltd 1972 1 SA 478 (W)

Van der Merwe v Road Accident Fund 2006 4 SA 230 (KH)

Van der Merwe v Van Wyk 1921 EDL 298

Van Staden NO and Another v FirstRand Ltd and Another 2008 3 SA 530 (T)

Warricker NNO v Liberty Life Association of Africa Ltd 2003 6 SA 272 (W)

Welgemoed v Mennell 2007 JOL 19240 (OK)

Wessels NO v De Jager NNO 2000 4 SA 924 (HHA)

7.6 Wetgewing

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Boedelwet 66 van 1965

Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Langtermynversekeringswet 52 van 1998

Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984

Wysigingswet op Inkomstewette 60 van 2008